

**STANDAARDISERING VAN 'N GESTRUKTUREERDE OBJEKTIEWE  
TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS**

deur

**CORNELIA MAGRIETHA PEEK**

voorgelê luidens die vereistes  
vir die graad

**MAGISTER EDUCATIONIS - MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**STUDIELEIER: PROF. G. BESTER**

**NOVEMBER 2010**

Studentenommer: 32737181

Ek verklaar hiermee dat **STANDAARDISERING VAN 'N GESTRUKTUREERDE  
OBJEKTIEWE TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS (STANDARDISATION OF  
A STRUCTURED OBJECTIVE THEMATIC APPERCEPTION TEST)** my eie  
werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van  
volledige verwysings aangedui en erken het.

---

HANDTEKENING  
(MEV C M PEEK)

---

DATUM

*Diepe dankbaarheid en alle eer  
aan my Hemelse Vader  
wat vir my deur hierdie studie gedra het.*

## **DANKBETUIGINGS**

My opregte dank en waardering word aan die volgende persone betuig vir elkeen se besondere bydrae om hierdie verhandeling 'n werklikheid te laat word:

- Prof. G. Bester vir sy ondersteuning, geduld en deeglike studieleiding.
- My man, Johann, vir sy volgehoue geduld, bystand, aanmoediging, liefde en hulp.
- My drie dogtertjies, Leanke, Carike en Marize wat soms ure moes inboet sonder hul ma.
- Dierbare vriendinne soos Breggie en Rienie wat altyd aangebied het en bereid was om na my dogtertjies te kyk sodat ek aan my verhandeling kon werk.
- Fransinah, my regterhand, wat altyd met 'n glimlag na Marize omgesien het, as ek weens studieverpligtinge nie by die huis kon wees nie.
- My vriende en familie vir hul aanmoediging en ondersteuning.
- Anneke Harmse vir haar sinvolle insette en raad.
- Mev. Carina Barnard vir haar taalkundige versorging.

**L PEEK**

**November 2010**

## **STANDAARDISERING VAN ‘N OBJEKTIEWE TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS**

DEUR : C. M. PEEK  
GRAAD : MAGISTER EDUCATIONIS  
              MET SPESIALISERING IN VOORLIGTING  
DEPARTEMENT : OPVOEDKUNDESTUDIES  
STUDIELEIER : PROF G. BESTER

### **OPSOMMING**

Die doel van die ondersoek was om vas te stel hoe akkuraat ‘n objektiewe vorm van die Tematiese Appersepsie-toets tipiese gedragskonstrukte van die adolescent meet soos angs, depressie, stres, aggressie, interpersoonlike verhoudings en selfkonsep.

‘n Empiriese ondersoek is uitgevoer deur gebruik te maak van ‘n nuutontwikkelde vraelys, die Gestruktureerde Objektieve TAT (GOTAT), asook ‘n kontrole vraelys (KV). Die GOTAT se items is gebasbeer op sekere TAT-kaarte en is voltooi deur 378 adolescente. Die bevindinge het getoon dat die GOTAT betroubaar is, maar nie konstruktgeldig nie, aangesien lae korrelasie koëffisiënte tussen die gedragskonstrukte wat gemeet is met die GOTAT en die KV verkry is. Daar is ‘n moontlikheid dat projeksie tydens die voltooiing van die GOTAT nie geslaagd was nie.

### **SLEUTELTERME**

Projeksie, Projeksie tegnieke, Henry Murray, Tematiese Appersepsie Toets (TAT), Adolescent, Selfkonsep, Depressie, Stres, Angs, Interpersoonlike verhoudinge, Aggressie

# **STANDARDISATION OF AN OBJECTIVE THEMATIC APPERCEPTION TEST**

BY : C.M. PEEK  
DEGREE : MAGISTER EDUCATIONIS  
(With specialisation in GUIDANCE)  
DEPARTMENT : EDUCATIONAL STUDIES  
STUDY LEADER : PROF. G. BESTER

## **SUMMARY**

The aim of the research was to establish how accurate an Objective Thematic Apperception Test can measure typical behavioral constructs of adolescents such as anxiety, stress, aggression, interpersonal relations and self-concept.

An empirical investigation was carried out using a newly developed questionnaire, the Structured Objective TAT (SOTAT) as well as a control questionnaire (CQ). The items of the SOTAT were based on a selection of TAT cards and the CQ measured certain affective variables in the traditional way. Both questionnaires were completed by 378 adolescents. The SOTAT was found to be reliable but not construct valid since low correlation coefficients between the SOTAT and CQ were obtained. There is the possibility that projection did not occur during completion of the SOTAT.

## **KEYWORDS**

Projection, Projection techniques, Henry Murray, Thematic Apperception Test (TAT), Adolescent, Self-concept, Depression, Interpersonal relationships, Anxiety, Stress, Aggression

## INHOUDSOPGawe

BLADSY

### **HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSPROBLEEM**

1.1	BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM	1
1.2	FORMELE PROBLEEMSTELLING	6
1.3	DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	6
1.4	PROGRAM WAT GEVOLG GAAN WORD	7

### **HOOFSTUK 2: DIE TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS AS PROJEKSIETEGNIEK**

2.1	INLEIDING	9
2.2	PROJEKSIE AS FENOMEEN	10
2.2.1	Die begrip projeksie	10
2.2.2	Omskrywing van projeksietegnieke	11
2.2.3	Bekende projeksietegnieke	13
2.2.3.1	Onvoltooide sinnetoets	13
2.2.3.2	Rorschach	14
2.2.3.3	Structured Objective Rorschach Test (SORT)	15
2.2.3.4	Tematiese Appersepsie-toets (TAT)	15
2.3	MURRAY SE PERSOONLIKHEIDSTEORIE	16
2.3.1	Biografiese skets	16
2.3.2	Murray se mensbeskouing	17
2.3.3	Sy beskouing oor wat persoonlikheid is	18

## BLADSY

2.3.4 Murray se siening oor die ontwikkeling van persoonlikheid	20
2.3.5 Ontstaan van TAT vanuit Murray se persoonlikheidsteorie	23
2.4 TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS (TAT)	24
2.4.1 Omskrywing van die TAT	24
2.4.2 Die rationaal van die TAT	25
2.4.3 Geldigheid van die TAT	27
2.4.4 Betroubaarheid van die TAT	28
2.4.5 Voordele van die toets	30
2.4.6 Nadele van die toets	31
2.4.7 Navorsing oor die TAT	33
2.4.8 Navorsingsveldde waar die TAT gebruik word	34
2.5 GEVOLGTREKKING	36

## HOOFTUK 3: VERNAME AFFEKTIEWE VERANDERLIKES WAT BY DIE ADOLESCENT VOORKOM

3.1 INLEIDING	38
3.2 DIE BEGRIP ADOLESCENT	39
3.3 VERNAME AFFEKTIEWE VERANDERLIKES WAT BY DIE ADOLESCENT VOORKOM	40
3.3.1 Stres	42
3.3.1.1 Die begrip stres	42
3.3.1.2 Stressors	43
3.3.1.3 Reaksies op stresvolle situasies	45
3.3.1.4 Navorsing oor stres waarby die TAT betrek is	47

	BLADSY
3.3.2 Angs	47
3.3.2.1 Die begrip angs	47
3.3.2.2 Tipes angs	48
3.3.2.3 Faktore wat aanleiding gee tot angs	51
3.3.2.4 Navorsing oor angs waarby die TAT betrek is	51
 3.3.3 Depressie	 52
3.3.3.1 Die begrip depressie	52
3.3.3.2 Simptome van sekere depressiewe toestande	54
3.3.3.3 Oorsaaklike faktore wat tot depressie lei	54
3.3.3.4 Navorsing oor depressie waarby die TAT betrek is	57
 3.3.4 Interpersoonlike verhoudinge	 57
3.3.4.1 Die begrip interpersoonlike verhoudinge	57
3.3.4.2 Die vernaamste verhoudinge van die adolessent	59
3.3.4.3 Navorsing oor interpersoonlike verhoudinge waarby die TAT betrek is.	61
 3.3.5 Selfkonsep	 62
3.3.5.1 Die begrip selfkonsep	62
3.3.5.2 Faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van die selfkonsep	64
3.3.5.3 Navorsing oor selfkonsep waarby die TAT betrek is	66
 3.3.6 Aggressie	 66
3.3.6.1 Die begrip aggressie	66
3.3.6.2 Eienskappe van die aggressiewe adolessent	67
3.3.6.3 Faktore wat tot aggressie bydra tydens adolessensie	68
3.3.6.4 Navorsing oor aggressie waarby die TAT betrek is	69
 3.4 GEVOLGTREKKING	 71

## BLADSY

### **HOOFSTUK 4: DIE METODE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

4.1	INLEIDING	72
4.2	NAVORSINGSONTWERP	73
4.2.1	Die steekproef	73
4.2.2	Meetinstrumente	75
4.2.2.1	Die ontwikkeling van die meetinstrument	76
4.3	DIE NAVORSINGSPROSEDURE	84

### **HOOFSTUK 5: RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

5.1	INLEIDING	85
5.2	ITEMANALISE	85
5.3	BETROUBAARHEID VAN DIE VRAELYS	95
5.4	GELDIGHEID VAN DIE VRAELYS	96
5.4.1	Inhoudsgeldigheid	96
5.4.2	Konstruktgeldigheid	96
5.4.3	Kriteriumverwante geldigheid	99
5.5	DIE BEPALING VAN NORME VIR DIE ONDERSKEIE AFDELINGS VAN DIE VRAELYS	101

## BLADSY

### **HOOFTUK 6: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS**

6.1	INLEIDING	108
6.2	BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE	109
6.3	BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	110
6.4	DIE IMPLIKASIES VAN DIE STUDIE	111
6.4.1	Teoretiese en Navorsingsimplikasies	111
6.4.2	Implikasies vir die voorligter	113
6.5	DIE LEEMTES VAN DIE STUDIE	114
6.6	AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE	115
	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	116

## LYS VAN FIGURE

## BLADSY

<b>Figuur 1.</b> Skematische voorstelling van Murray se beskouing oor persoonlikheidstrukture.	20
<b>Figuur 2.</b> Ontwikkeling van persoonlikheid	22
<b>Figuur 3.</b> Bronne van adolessente stres	44
<b>Figuur 4.</b> Selfkonsep	63

## BYLAES

**Bylaag A:** Resultate van die empiriese ondersoek op die Kontrole Vraelys

**Bylaag B:** ‘n Voorbeeld van die items van die Gestruktueerde Objektiewe TAT (GOTAT)

**Bylaag C:** Die Kontrole vraelys (KV)

## LYS VAN TABELLE

<b>Tabel 4.1</b>	Getal leerders en die geslag van die leerders in elke graad.	73
<b>Tabel 4.2</b>	Huistaal van die leerders in onderskeie provinsies.	74
<b>Tabel 4.3</b>	Itemnommers van die affektiewe konstrukte wat handel oor die TAT.	79
<b>Tabel 4.4</b>	Kaart 1	80
<b>Tabel 4.5</b>	Voorbeeld items van Vraelys B se affektiewe konstrukte.	82
<b>Tabel 4.6</b>	Itemnommers van die affektiewe konstrukte wat handel oor Vraelys B	83
<b>Tabel 5.1</b>	Itemanalise van die items wat aggressie meet.	86
<b>Tabel 5.2</b>	Itemanalise van die items wat stres meet.	88
<b>Tabel 5.3</b>	Itemanalise van die items wat selfkonsep meet.	89
<b>Tabel 5.4</b>	Itemanalise van die items wat depressie meet.	91
<b>Tabel 5.5</b>	Itemanalise van die items wat angs meet.	92
<b>Tabel 5.6</b>	Itemanalise van die items wat interpersoonlike verhoudinge meet	94
<b>Tabel 5.7</b>	Betroubaarheidskoëffisiënte van die onderskeie Veranderlikes van die vraelys	95
<b>Tabel 5.8</b>	Korrelasie koëffisiënte van die onderskeie veranderlikes In die vraelys	97
<b>Tabel 5.9</b>	Die korrelasiekoëffisiënt tussen die GOTAT en KV	100
<b>Tabel 5.10</b>	Die verskil tussen die gemiddeldes van seuns en dogters ten opsigte van die veranderlikes soos gemeet met die GOTAT.	103
<b>Tabel 5.11</b>	Staneges vir aggressie van seuns en dogters	104
<b>Tabel 5.12</b>	Staneges vir interpersoonlike verhoudings van seuns en dogters	104

<b>Tabel 5.13</b>	Staneges vir stres	105
<b>Tabel 5.14</b>	Staneges vir selfkonsep	106
<b>Tabel 5.15</b>	Staneges vir depressie	106
<b>Tabel 5.16</b>	Staneges vir angs	107

## HOOFSTUK 1

### PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSPROBLEEM

#### 1.1 BEWUSWORDING VAN DIE PROBLEEM

Van al die ontwikkelingsfases is adolessensie sekerlik die mees unieke en kompleksste. Dit is die fase waartydens kinders verwikkeld en diverse veranderinge ondergaan ten opsigte van liggaamlike en seksuele aspekte. Verder vind daar ook veranderinge plaas ten opsigte van hulle denke, gevoelens, persoonlike verhoudings, gedrag en identiteit. Genoemde veranderinge verg besonderse aanpassing. Navorsing deur Thom (1988) toon dat adolessensie deur Suid-Afrikaanse swart en wit adolessente as 'n moeilike ontwikkelingstadium ervaar word. Nie alleen vind daar omvangryke liggaamlike, kognitiewe, persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling tydens adolessensie plaas nie, maar dit vind ook in 'n steeds veranderende samelewing plaas. Die hedendaagse lewe word nie net gekenmerk deur vinnige tegnologiese en sosiale veranderinge nie, maar adolescent moet ook veranderinge maak ten opsigte van rolle, gedragsnorme, ideologieë en waardes. Volgens 'n studie van Boulter (1995) worstel Suid-Afrikaanse adolessente met kwessies soos selfvertroue en selfagtiging, emosionele stabiliteit, gesondheid, gesinsinvloede, persoonlike vryheid, groepsosialiteit en moraliteit (Louw et al., 1998:391-392).

Volgens Santrock (2008) is stres, angs, depressie, dwelmmisbruik, eetversteurings en aggressie probleemareas wat tydens adolessensie na vore kom. Gouws et al. (2000) lig ook stres, angs en depressie as probleemareas uit. Benewens voorafgaande verwys Gouws et al. (2000) ook na selfkonsepvorming en die adolescent se verhoudinge met ander as ontwikkelingaspekte wat tydens adolessensie problematies kan verloop. Sosiale gedrag van die adolescent wat probleme veroorsaak is onder andere seksuele gedrag, swangerskappe, drankmisbruik, aggressie en eetversteurings. Steinberg

(2008) noem ook dat psigososiale probleme tydens adolessensie meestal drankmisbruik, antisosiale gedrag, geweld, depressie en stres insluit.

Uit voorafgaande wil dit voorkom of stres, angs, depressie, aggressie, interpersoonlike verhoudinge en selfkonsep van die vernaamste affektiewe faktore is wat problematies tydens adolessensie kan wees.

Laasgenoemde affektiewe faktore word in die meeste gevalle gemeet deur toetse waar die persoon 'n antwoord verskaf op gestruktureerde vrae. Gewoonlik moet die respondent sy keuses op 'n skaal uitoefen. Hierdie toetse is egter nie altyd geskik in 'n kliniese situasie nie. Eerstens, is die respondent dikwels getraumatisieerd, wat die formele afneem van 'n toets bemoeilik. Tweedens, is die respondent nie altyd eerlik nie. Sommige respondente reageer dikwels onbewustelik op die aandag wat tydens die toetsing op hul gevestig word. Hul gee dan response wat hulle in 'n meer positiewe lig stel om sodoende die toetsafnemer te beïndruk. Die resultate is dan nie 'n ware refleksie van die toetsling se gedrag nie. Hierdie verskynsel staan ook bekend as die Hawthorn-effek (List & Levitt, 2009:74).

Om bogenoemde probleme te oorkom, word daar dikwels van projeksietoetse gebruik gemaak, aangesien die doel van projektiewe tegnieke gewoonlik vir die kliënt onbekend is. Die persoon se bewuste verdedigingsmeganismes verslap en hy sal onwaarskynlik iets voorgee wat hy nie is nie. Daar is ook 'n gemakliker atmosfeer, want die toetsling weet daar is nie 'n verkeerde antwoord nie (Groth-Marnat, 1984: 154-155).

Projeksietegnieke openbaar die aard van die ware self, voorwerp-relasies, ego sterkte, verdedigingsmeganismes en die verhouding tussen gedrag en die onbewuste. Dit verskaf ook inligting oor die individu se innerlike en sigbare leefstyl, asook sy vermoëns

en persoonlike karaktertrekke. Dit is 'n unieke venster in die kommunikasie en wisselwerking van 'n persoon (Waiswol, 1995:244).

Daar is 'n aantal projektiewe toetse waarvan die Rorschach, Tematiese Appersepsi-toets (TAT) en die Onvoltooide sinnetoets sekerlik die bekendste en populêrste onder sielkundiges is (Du Toit & Piek, 1974: 9). Hierdie projektiewe toetse is instrumente wat dikwels gebruik word met adolessente en volwassenes (Osborn, 1996:48).

Die TAT is 'n gewilde projeksietoets aangesien verskillende aspekte van 'n persoon se persoonlikheid ontleed kan word soos dit voorkom in sy interpersoonlike verhoudinge en die sinvolle interpretering van sy omgewing. Die kern aanname van die TAT is dat 'n individu sal projekteer (of reflekteer) vanuit sy innerlike behoeftes, begeertes, en konflikte wanneer aan hom gevra word om betekenis te gee aan 'n ongestruktureerde stimulus (Osborn, 1996:49).

Volgens Osborn (1996:48) toon navorsing dat die TAT 'n populêre instrument is om te gebruik met adolessente. Van die sielkundiges wat hoofsaaklik met adolessente werk, het 63% rapporteer dat hulle van die TAT gebruik maak in hul terapie.

Ten spyte van die gewildheid van die TAT is daar kritiek. Die vernaamste kritiek teenoor die TAT hou verband met geldigheid en betroubaarheid. Die meeste navorsers stem saam dat die TAT se geldigheid en betroubaarheid nie voldoende is nie, alhoewel die instrument baie gebruik word in kliniese praktyke en in navorsingsprojekte. Die TAT word meestal gesien as "*a clinician's delight and a statistician's nightmare*" (Lilienfield, 2000:39).

Twee probleme bemoeilik uitsprake oor die geldigheid van die TAT. Die eerste probleem staan bekend as die “Walter Mitty”-effek. Die “Walter Mitty”-effek verwys na die feit dat ‘n toetsling hoë vlakke van ‘n sekere konstruk (byvoorbeeld motivering) sal toon, nie omdat hy hoë vlakke van die konstruk besit nie, maar omdat hy graag hoë vlakke van die konstruk sou wou besit. Aan die anderkant sal sommige toetslinge weer lae vlakke van ‘n sekere konstruk, byvoorbeeld aggressie, toon, nie omdat hul lae vlakke van die konstruk besit nie, maar omdat hul die manifestasie daarvan onderdruk. Die toetsling besef moontlik dat hoewel hy aggressief is, aggressie nie gewens in die samelewing is nie. Gevolglik sal hy eerder passief voorkom in konfliktuasies. Hierdie fenomeen word die Inhiberende effek genoem (Lilienfeld et al., 2000:39-40). Alvarado (1994:60) noem ook dat dit moeilik is om die TAT se geldigheid statisties te bepaal, aangesien die meeste klinici die toets eerder kwalitatief as kwantitatief aanwend.

Volgens Cramer (2000:89) is die TAT se betroubaarheid betreffende toets-hertoets problematies. Die aanvanklike blootstelling van ‘n TAT-kaart kan die storieverteller se tweede respons beïnvloed wanneer hy vir ‘n tweede keer ‘n respons gevra word oor dieselfde kaart. Mense vertel spontaan ‘n nuwe storie wanneer ‘n prent ‘n tweede keer aan hul getoon word. Verder word toets-hertoets gebaseer op die aanname dat die psigologiese eienskappe wat getoets word, nie oor tyd verander nie. Met persoonlikheidstrekke, byvoorbeeld selfverdedigingsmeganismes, is dit moontlik dat interne en eksterne faktore, soos psigologiese ontwikkeling en terapeutiese intervensie, ‘n verskil kan maak ten opsigte van TAT-response. Cramer (2000:89) is ook van mening dat betrouwbaarheid gebaseer op interne konsekwentheid nie op die TAT van toepassing gemaak kan word nie. Die TAT-kaarte kan nie opweeg teen ‘n reeks items van ‘n persoonlikheidstoets wat maklik met mekaar vergelyk kan word nie. Die TAT-kaarte is spesifiek ontwerp deur Morgan en Murray om verskillende areas van psigologiese funksionering te verteenwoordig. Verskillende kaarte van die TAT kan nie net met mekaar vergelyk word nie. Cramer (2000:89) meen dat die TAT ‘n waarnemingsmetode is en nie ‘n psigometriese toets nie. Hy stel voor dat die TAT se betrouwbaarheid bepaal moet word deur ‘n benadering te gebruik soos vir alle ander

waarnemingsmetodes. Dan behoort die betroubaarheid van die TAT beter daaruit te sien.

Daar moet in ag geneem word dat van die kritiek oor die TAT as gevolg van onvoldoende navorsingsontwerpe en procedures is. In navorsingsontwerpe waarby die TAT betrek word, word verskillende kaarte gebruik wat veralgemening bemoeilik (Keiser & Prather, 1990:801-802). Om hierdie kritiek te oorkom, kan 'n meer objektiewe vorm van die TAT oorweeg word waar die respondent op dieselfde kaarte moet reageer en ten opsigte van dieselfde items by elke kaart.

Vir die Rorschach is daar reeds 'n meer objektiewe toets ontwikkel genaamd die "*Structured Objected Rorschach Test*" (SORT) (Langer & McKain, 1964:489). Die Onvoltooide sinnetoets kan kwantitatief verwerk word (Lanyon & Goodstein, 1982:48) wat die toets ook meer objektief maak, maar sover dit die navorser se kennis strek, is daar nog nie 'n objektiewe vorm vir die TAT ontwikkel nie. Daar is wel verskeie puntetoekenningsisteme wat tydens die interpretasie van die TAT gebruik word, maar dit dra dit nie noodwendig by tot die geldigheid en betroubaarheid van die TAT nie (Alvarado, 1994:60).

'n Meer objektiewe vorm van die TAT kan oorweeg word ten einde 'n oplossing te vind vir die kritiek oor die TAT. Dit is ook belangrik om so 'n objektiewe meetinstrument spesifiek vir adolessente te ontwikkel. Volgens Osborn (1996:48) is die TAT die vierde mees gebruikte instrument van standaard batterytoetse in hierdie ouderdomsgroep (Archer, Imhof, Maruish & Piotrowski, 1991). Sy is van mening dat daar nog steeds 'n behoefte aan navorsing oor die gebruik van die TAT met adolessente is. Haar opinie is dat sulke navorsing moontlik geloofwaardigheid kan verskaf aan die TAT se vermoë om die unieke behoeftes, konflikte, belangstellings en motiverings van die adolescent te assesseer.

## **1.2 FORMELE PROBLEEMSTELLING**

Die meeste klinici gebruik die TAT as 'n instrument om inligting te verkry oor 'n persoon se onbewustelike persepsies, denkprosesse, behoeftes en motiverings (Rose, Kaser-Boyd & Maloney, 2001:10). Die moontlikheid is daar dat die toetsafnemer vanuit sy eie verwysingsraamwerk sal interpreteer wanneer hy sy eie kliniese oordeel gebruik om die toetsling se response te assesseer. 'n Meer objektiewe vorm van die TAT behoort die kritiek teen subjektiewe oordeel by die gebruik van die TAT te verminder.

In die lig hiervan kan die volgende vrae gestel word wat as die formele probleemstelling van die navorsing beskou kan word:

- Is dit moontlik om 'n objektiewe toets met die TAT as basis te ontwikkel?
- Watter kaarte is die mees gesikste vir so 'n objektiewe vorm van die TAT?
- Watter tipiese gedragsprobleme kan met behulp van 'n objektiewe TAT geïdentifiseer word?
- Hoe betroubaar is so medium?
- Hoe geldig is 'n meer objektiewe vorm van die TAT?
- Is dit moontlik om norme te bereken vir 'n meer objektiewe vorm van die TAT?

## **1.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK**

Die doel van die ondersoek is om te bepaal of 'n meer objektiewe gestruktureerde vorm van die Tematiese Appersepsie-toets sekere affektiewe veranderlikes kan voorspel wat tipies tydens adolessensie na vore kom.

In die lig van bogenoemde doelstelling sal 'n literatuurstudie onderneem word om

- te bepaal watter navorsing oor die TAT as meetinstrument gedoen is.
- te bepaal of gedragsprobleme wat tydens adolessensie na vore kom, met behulp van die TAT geassesseer kan word. Aspekte soos selfkonsep, aggressie, depressie, stres, angs en interpersoonlike verhoudings sal nagevors word.

'n Empiriese ondersoek sal uitgevoer word in 'n poging om

- items te analiseer wat in 'n objektiewe vorm van die TAT voorkom.
- die betroubaarheid en geldigheid van 'n meer objektiewe vorm van die TAT te bepaal.
- te bepaal of tellings wat met die nuwe meetinstrument verkry kan word, verband hou met tellings van ander meetinstrumente wat byvoorbeeld aggressie, selfkonsep, depressie, stres, angs en interpersoonlike verhoudings meet.
- norme vir die nuwe meetinstrument ontwikkel.

#### **1.4 PROGRAM WAT GEVOLG GAAN WORD**

Die hoofstukindeling van die studie sien soos volg daar uit:

In hoofstuk 2 sal projeksietegnieke bespreek word en die vernaamste projeksietegnieke sal uitgelig word. Die fokus sal geplaas word op die Tematiese Appersepsie-toets (TAT). Daar sal gelet word op Henry Murray wat die sleutelfiguur was agter die ontstaan van die TAT, asook sy persoonlikheidsteorie. Die TAT sal in besonder

bespreek word as projeksiemedium, asook die geldigheid en betroubaarheid daarvan. Laastens sal die voor- en nadele van die toets uitgelig word asook die TAT se navorsingsmoontlikhede.

In hoofstuk 3 sal die affektiewe veranderlikes wat 'n invloed het op die ontwikkeling van die adolescent ontleed word. Daar sal ook gelet word op navorsing oor die spesifieke affektiewe veranderlikes wat reeds met behulp van die TAT onderneem is.

In hoofstuk 4 sal die metode van die empiriese ondersoek uiteengesit word. Daar sal gelet word op die navorsingsontwerp wat die keuse van proefpersone en die navorsingsprosedure insluit. Die ontwikkeling van die meetinstrument en die wyse waarop die meetinstrument afgeneem is, sal ook verduidelik word.

In hoofstuk 5 sal die resultate van die empiriese ondersoek bespreek word. Die gegewens rondom die voorlopige standaardisering van die vraelys sal uiteengesit word. Dit behels die itemontleding van die vraelys, die bepaling van betroubaarheid en geldigheid van die vraelys, asook die ontwikkeling van norme.

'n Samevatting en gevolgtrekkings vanuit die literatuurstudie en empiriese ondersoek sal in hoofstuk 6 aangebied word. Die implikasie en leemtes van die studie sal bespreek word en daar sal ten slotte aanbevelings vir verdere navorsing gemaak word.

## **HOOFSTUK 2**

### **DIE TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS AS PROJEKSIETEGNIEK**

#### **2.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word aandag geskenk aan projeksie as fenomeen. Projeksie word breedvoerig omskryf, so ook projeksietegnieke en die rede vir die ontstaan daarvan. ‘n Paar populêre projeksietegnieke word aangeraak en dan in besonder die Tematiese Appersepsie-toets (TAT).

Die TAT het ontstaan vanuit Henry Murray se behoefteteorie. Om hierdie rede sal dit sinvol wees om vas te stel wie Murray was en wat sy uitgangspunt oor die mens en persoonlikheidsontwikkeling was.

Betreffende die TAT, word die volgende bestudeer; die rasional agter die TAT, die betroubaarheid en geldigheid daarvan asook die voor- en nadele van die TAT. Laastens word die navorsing wat gedoen is oor die TAT as meetinstrument bespreek asook tiiese navorsing waar die TAT as meetinstrument gebruik is.

## **2.2 PROJEKSIE AS FENOMEEN**

### **2.2.1 Die begrip projeksie**

Projeksie word in die psigoanalitiese teorie as een van die verdedigingsmeganismes deur Freud beskryf. Hy beskryf dit as ‘n proses waarin ‘n mens se eie behoeftes, gevoelens en dryfvere aan ander mense toegeskryf word om so onwenslike aspekte daarvan vir die self te verberg. Dit is dus ‘n verdedigingsmeganisme waarin dit wat vir die ego te pynlik is om te erken, aan ander toegeskryf word (Du Toit & Piek, 1974:14).

Projeksie blyk egter meer te wees as net ‘n verdedigingsmeganisme. Ekspressie kan ook projeksie insluit. Projeksie is dan ‘n vorm van emosionele uitdrukking waarin ‘n persoon probeer om dit wat op hom van toepassing is, op ander van toepassing te maak (Joubert, 1998:49). Freud het self later die term projeksie se betekenis verbreed deur te sê dat projeksie nie uitsluitlik verdediging as doel het nie, maar ook teenwoordig kan wees waar daar geen konflik is nie (Joubert, 1998:46).

Waiswol (1995:244) beskryf projeksie as “*... a vehicle for communication and overcoming inhibitions by bypassing resistance and defences. They represent the point of encounter between patients and their inter- and intrapsychic unconscious processes. They thus form a basis for gaining insight and fostering self-awareness....*”

Met verloop van tyd het die gedagte ontstaan dat projeksie persepsie is, wat tot die volgende definisie aanleiding gegee het: “Projeksie is die proses waardeur ‘n persoon objektiewe stimuli waarneem en interpreteer ooreenkomsdig sy persoonlike belang, begeertes, wense en verwagtinge” (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1987:288).

Persepsie kan gedefinieer word as die interpretasie van 'n stimulus. Vroeër is die term appersepsie gesien as 'n persoon se persepsie wat beïnvloed is deur die persoon se unieke persoonlike ervarings (Crumbaugh, Graca, Hutzell & Cooper, 1990:3). Cohen & Swerdlik (2005:386) verduidelik dat die term appersepsie verband hou met die werkwoord appersipieer wat gedefinieer word as '*to perceive in terms of past perceptions*'

Sielkundiges het gaandeweg besef dat alle persepsie grotendeels appersepsie is. 'n Persoon kan alleenlik 'n stimulus interpreteer in die konteks van sy eie persoonlike ervarings. Die term appersepsie is gevvolglik weggelaat uit die literatuur, maar het tog gehelp om die term projeksie beter te verstaan (Crumbaugh, 1990:3).

## 2.2.2 Omskrywing van projeksietegnieke

Projeksietegnieke het ontstaan omdat geglo word dat dit 'n persoon se onbewustelike persepsies, denkprosesse, behoeftes, motivering en konflikte assesseer (Rose et al., 2001:10). Waiswol (1995:244) beskryf projeksietegnieke as 'n vrugbare bron van inligting oor die individu se innerlike en sigbare leefstyl, asook sy vermoëns en persoonlike karaktertrekke. Projeksietegnieke kan ook gesien word as 'n unieke venster in die kommunikasie en wisselwerking van 'n persoon. Dit openbaar die aard van die ware self, voorwerp-relasies, ego sterkte, verdedigingsmeganismes en die verhouding tussen gedrag en die onbewuste. Murray beskryf projeksietegnieke as x-strale van die siel, terwyl Frank dit beskryf het as die '*royal road*' na 'n persoon se onderbewuste (Murstein & Mathes, 1996:337).

Die ontstaan van verskeie projeksietegnieke in die eerste helfte van die 20ste eeu kan teruggevoer word na die ontevredenheid wat ontstaan het met die papier-en-pen toetse

van daardie era. Die papier-en-pen toetse het meestal inligting oor 'n persoon se bewuste weergegee (Murstein & Mathes, 1996:337).

Die onderskeie projeksietegnieke kan in drie groepe geklassifiseer word, naamlik: gestruktureerd, half-gestruktureerd en ongestruktureerd. By die gestruktureerde metodes moet die kliënt 'n keuse maak uit geformuleerde antwoorde, byvoorbeeld 'Ja' of 'Nee'. Die voordeel is dat inligting oor die kliënt statisties verwerk kan word. Die half-gestruktureerde toets bied 'n gedeeltelike gestruktureerde situasie aan van mense, voorwerpe en gebeure. Die kliënt het die vryheid om op die stimulus te reageer soos hy dit verkies, maar die aard van die stimulus kanaliseer tog die persoon se reaksie in 'n bepaalde rigting. 'n Voorbeeld van 'n half-gestruktureerde toets is wanneer 'n persoon op 'n foto moet reageer waar mense in gesprek met mekaar is en ontevrede voorkom. Hoewel die foto suggereer dat daar konflik tussen die persone is, het die persoon wat die foto interpreer steeds die vryheid om te besluit wat die rede vir die konflik is en is hy vry om verskillende emosies aan die persone in die foto toe te skryf. Die ongestruktureerde toets bied 'n stimulus waarop die persoon self sy eie betekenis moet gee. Die Rorschach is 'n goeie voorbeeld van 'n ongestruktureerde toets, aangesien die inklatte wat aan die persoon voorgehou word abstrak is en niks spesifiek voorstel nie. Die persoon het dus algehele vryheid oor hoe hy elke inklat wil interpreer (Du Toit & Piek, 1974:11).

Daar is 'n aantal projektiewe toetse waarvan die Rorschach, Tematiese Appersepsi-toets (TAT) en die DAP ("Draw a person") sekerlik die bekendste en populêrste onder sielkundiges is. Verskillende vorme van onvoltooide sinnetoetse word ook dikwels gebruik (Lilienfeld et al., 2000:30). In die verhandeling gaan meer uitgebrei word oor die Rorschach, SORT en Onvoltooide sinnetoets as projeksietegnieke en dan in besonder die TAT.

## **2.2.3 Bekende projeksietegnieke**

### **2.2.3.1 Onvoltooide sinnetoets**

Sinsvoltooing is 'n metode wat sy oorsprong het in die werk van Ebbinghaus (1897), Kelly (1917) en Traube (1916). Hul het die metode aanvanklik gebruik om intellektuele veranderlikes te meet. Tans word die sinsvoltooingsmetode meer gebruik in persoonlikheidsassessering en maak dit meestal deel uit van 'n battery kliniese toetse (Murstein, 1965:778). Dit wil voorkom asof die *Rotter Incomplete Sentences Blank* die meeste gebruik word as onvoltooide sinnetoets (Lanyon & Goodstein, 1982:48).

'n Onvoltooide sinnetoets bestaan uit 'n stel items, bestaande uit die eerste paar woorde van 'n sin. Die items is so ontwikkel dat dit verskeie aspekte van die toetsling se gevoelens en gedrag uitlig (Lanyon & Goodstein, 1982:47). Oor die algemeen is daar nie veel instruksies nie, behalwe dat die toetsling so vinnig as moontlik op 'n item moet reageer. Op die wyse word daar gepoog om die eerste gedagte wat by die persoon opkom, te verkry. Dit kan in 'n groepsituasie of individueel afgeneem word (Abt & Bellak, 1959:357).

Volgens Clark (1995:313) beskryf Koppitz die Onvoltooide sinnetoets as 'n handige ysbreker, veral met adolesente wat huiwerig of bot is. Die toets kan ook gebruik word om spesifieke inligting in te samel oor 'n groep, byvoorbeeld die akademiese aanpassing van 'n groep eerstejaar ingenieurstudente (Abt & Bellak, 1959:357). Die Onvoltooide sinnetoets het homself al as bruikbaar in feitlik alle areas van sielkundige navorsing bewys (Murstein, 1965:779).

### **2.2.3.2 Rorschach**

Die Rorschachtoets is ontwerp deur Herman Rorschach, 'n Switserse psigiater. Sy eerste en enigste manuskrip, *Psychodiagnostik*, is gepubliseer in 1921. Daarin het hy die Rorschach prosedure verduidelik wat hy ontwikkel het tussen 1909 en 1913 (Rose et al., 2001:3). Hy is 'n jaar nadat die toets gepubliseer is, skielik in die ouderdom van 38 jaar oorlede, onbewus van die groot bydrae wat hy nagelaat het (Cohen & Swerdlik, 2005:379).

Die Rorschach is 'n geheel ongestruktureerde toets omdat dit 'n stimulus aanbied wat enige respons kan ontlok (Du Toit & Piek, 1974:11). Die toets bestaan uit tien bilateraal simmetriese inklatte wat op aparte kaarte gedruk is. Van die tien kaarte is vyf achromaties; twee swart, wit en rooi en die oorblywende drie kaarte kombinasies van pastelkleure (Cohen & Swerdlik, 2005:379). Hoewel die Rorschach beskryf word as 'n toets, word dit dikwels eerder gesien as 'n gestruktureerde onderhou vir die bestudering van interpersoonlike verhoudinge (Cohen & Swerdlik, 2005:380).

Die rationaal agter die Rorschach is dat daar 'n verband tussen persepsie en persoonlikheid bestaan. Hoewel Hermann Rorschach nie sy toets as 'n projeksietoets gesien het nie, word dit algemeen deur klinici gesien as 'n projeksietoets, aangesien die dubbelsinnige stimuli meervoudige response toelaat en daar geglo word dat die toets projeksie van die persoon se onbewustelike behoeftes, konflikte en motiverings is (Rose et al., 2001:5).

Die Rorschach vereis egter baie ervaring van die toetsafnemer voordat die toets korrek afgeneem en geïnterpreteer kan word (Dosanjh, 1996:61).

### **2.2.3.3 Structured Objective Rorschach Test (SORT)**

Die SORT (*Structured-Objective Rorschach Test*) is 'n meervoudige-keuse toets gebaseer op die Rorschach, met die doel om beduidende beroepsgerigte karakter-eienskappe te beoordeel en te analyseer. Daar word van dieselfde tien inklatte van die Rorschach gebruik gemaak. Die toets bestaan uit 30 potensiële response ten opsigte van elke vlek (Langer & McKain, 1964:489). Uit die naam kan afgelei word dat die SORT 'n meer objektiewe vorm van die Rorschach is. Van die voordele van die SORT is dat dit baie makliker as die Rorschach is om af te neem, te analyseer en statistiese verwerkings met die inligting te doen.

### **2.2.3.4 Tematiese Appersepsie-toets (TAT)**

Die TAT is 'n half-gestruktureerde toets en bied 'n situasie aan van mense, voorwerpe en gebeure. Die persoon is dus vry om op die stimulus te reageer soos hy verkies, maar die aard van die stimulus kanaliseer tog die reaksie in 'n bepaalde rigting (Du Toit & Piek, 1974:11). Die TAT bestaan uit 31 kaarte, waarvan een blanko is. Die dertig prentkaarte, almal wit en swart, bevat 'n verskeidenheid tonele, ontwerp om die toetsling aan 'n aantal klassieke menslike situasies bloot te stel. Die toetsling moet dan 'n storie vertel oor wat hy glo vooraf gebeur het, tans gebeur en wat die uitkoms gaan wees. Hy moet ook vertel wat hy dink die karakters dink, doen en voel (Cohen & Swerdlik, 2005:385). Die stories kan skriftelik of mondelings weergegee word (Foxcroft & Roodt, 2001:242).

Die toets is oorspronklik ontwikkel deur Morgan en Murray in die 1930's (Groth-Marnat, 1984:148) en hou verband met Murray se Persoonlikheidsteorie (Newmark, 1985:89). Die TAT word later en meer in diepte bespreek (paragraaf 2.4).

## 2.3 MURRAY SE PERSOONLIKHEIDSTEORIE

### 2.3.1 Biografiese skets

Henry Alexander Murray is op 13 Mei 1893 in New York gebore. Hy was die tweede kind van drie uit 'n welgestelde familie. Hy het op 'n latere stadium sy eie kinderlewe beskryf as 'n gemiddelde, bevoorregte Amerikaanse seun. Hy het buitelewe en avontuurlustige stories geniet en dikwels saam met sy gesin in Europa getoer. Sy helde was hoofsaaklik ontdekkers en pioniere. Hy en sy ma het nie so goeie verhouding gehad nie; Murray was daarvan oortuig dat sy ma sy ouer suster en jonger broer voorgetrek het. Hy het egter daarvoor probeer opmaak deur emosioneel selfvoorsienend en waaghalsig op te tree. Murray het ook as kind gesukkel met 'n hakkelprobleem en het swak oog-hand koördinasie gehad weens 'n visuele defek. Hierdie was alles bydraende faktore wat gelei het tot sy simpatie met ander wat ook swaargekry of gesukkel het en dit het dan ook bygedra tot sy belangstelling in medisyne en die sielkunde.

In 1911 het hy ingeskryf by die Harvard Kollege. Hy het in 1915 sy mediese graad ontvang by die *Columbia College of Physicians and Surgeons*. In 1916 het hy met Josephine Rantoul, die dogter van 'n prominente Bostonse familie getrou en uit hul huwelik is hul dogter Josephine in 1921 gebore. Tydens sy tydperk in die mediese skool het hy 'n intellektuele ontwaking ervaar en ten spyte van sy belaaide skedule, ure spandeer aan die bestudering en bespreking van literatuur, filosofie en politiek. In 1919 het hy as topstudent in sy klas gegradeer en in 1920 'n meestersgraad verwerf in biologie by die Columbia Universiteit. Hy het sy chirurgiese internskap in 1922 voltooi by die Presbiteriaanse Hospitaal in New York.

In 1923 het hy 'n skielike belangstelling ontwikkel in die sielkunde, wat hom totaal en al oorweldig het. Hy het begin om die wêreld van emosies en die onderbewuste te

ondersoek deur kuns, literatuur en die psigodynamiese teorieë van Freud en Jung. Tussen die kollegas en vriende waarmee hy sy bevindinge gedeel het was Christiana Morgan, wat dan ook eerste sy belangstelling in Jung se werk geprikkel het. In 1925 het Murray vir 3 weke saam met Jung in Zürich spandeer. Dit was vir hom 'n lewensveranderende ervaring en na die 3 weke was hy vasbeslote om 'n diepesielskundige te word. In 1926 het hy sy doktorsgraad in biochemie by die Rockefeller Instituut voltooi en 'n pos as mede-navorser by die *Harvard Psychological Clinic* aanvaar. Morgan het as vrywilliger by die personeel aangesluit.

Vanaf 1928 het Murray as direkteur van die kliniek die onderrig en navorsing van 'n mediese psigopatologiese na 'n psigo-analistiese fokus verskuif. In 1948 het Murray, na baie ontsteltenis daaroor, uiteindelik ampsbekleding verwerf by die Departement van Sielkunde. Hy het in 1962 afgetree en is oorlede in Cambridge, Massachusetts, op 23 Junie 1988.

Murray se kollegas en vriende het hom beskryf as "*charismatic, charming, and witty, a Renaissance man whose many fields of interest informed his imaginative and creative constructions of human personality*" (Dewsbury, Benjamin & Wertheimer, 2006:175).

### **2.3.2 Murray se mensbeskouing**

Murray het die mens se gedrag beskou as bestaande uit twee vlakke van funksionering. Eerste-vlek funksionering sluit fisiese en verbale gedrag in, terwyl tweede-vlek funksionering handel oor die idees, wense en planne van die persoon (Murstein, 1963:19). Volgens hom is die akkurate voorspelling van gedrag moontlik indien die individu se behoeftes en siening van die wêreld in verhouding tot sy behoeftes geformuleer kan word. Hy glo dat die wyse waarop die persoon die wêreld beskou

meer relevant is vir voorspelling van gedrag as hoe die wêreld in werklikheid is (Zucker, Aronoff & Rabin, 1984:121).

Volgens Maddi & Costa (1972:16–30) sien Murray die mens as:

- Proaktief: hy besit interne prosesse en strukture wat 'n invloed op persepsie, denke, gevoel en handelinge het.
- 'n Wese wat sielkundig gesproke, georganiseerd, reëlmatrik en ordelik wil wees.
- Psigologies kompleks, veral as gefokus word op al die psigologiese elemente wat ontwikkel deur die proses van differensiasie. Hy is oortuig dat mense verskillende, veranderende en soms teenstrydige behoeftes, waardes en leefstyle kan hê, wat op verskillende maniere tot uitdrukking kom afhangende van die omgewing waarin die persone hulle bevind.
- Rasioneel. Murray het geglo dat rasionele en irrasionele prosesse gelyktydig teenwoordig is in die menslike persoonlikheid.
- Psigologies uniek. Murray glo dat elke mens in 'n groot mate psigologiese uniek is. Hoewel hy belangrike verskille tussen mense erken het, het hy ook areas identifiseer wat baie ooreenstem in tale mense is.

### **2.3.3 Sy beskouing oor wat persoonlikheid is**


Daar is 'n aantal navorsers wat kommentaar gelewer het oor Murray se beskouing van persoonlikheid; van die vernaamstes word hier bespreek:

Volgens White (1963:2) beskryf Murray persoonlikheid as die ontwikkelende struktuur van gedagtes, gevoelens, en handelinge in 'n bepaalde omgewing waarmee dit voortdurend in interaksie is. Maddi & Costa (1972:85) beskryf weer Murray se siening oor persoonlikheid as hoofsaaklik 'n kompromis tussen die individu se eie behoeftes en die vereistes en belang van ander mense. Normaliteit kan beskou word as 'n staat van optimale kompromis, waar behoeftes uitgedruk word op 'n aanvaarbare wyse.

Murray is ook van mening dat persoonlikheid 'n tydelike geheel is en om 'n deel daarvan te verstaan, moet die persoon in totaliteit beskou word. Volgens hom is die essensie van die persoonlikheid in die basiese behoeftes van 'n mens geleë (Maddy & Costa, 1972:18). Hy beskryf persoonlikheid as volg:

*"A personality at any designed moment in its history ... is the then-existing brain-located imperceptible and problematical hierarchical constitution of an individual's entire stock of inter-related substance – dependent and structure dependent psychological properties."* (Aangehaal deur Maddy & Costa, 1972:15)

In figuur 1 word Murray se beskouing van persoonlikheidstrukture skematisies uiteengesit: 'Persoonlikheid kan vergelyk word met 'n ui met veelvuldige lae. Die binneste laag bestaan uit onderdrukte onbewuste behoeftes en kom dikwels in drome na vore. Die volgende laag bestaan uit behoeftes wat in die samelewning na vore mag kom of nie mag kom nie. Die buitenste laag bestaan uit behoeftes wat in die samelewning goedgekeur en met gemak uitgeleef kan word (Murstein, 1963:19).



**Figuur 1. Skematische voorstelling van Murray se beskouing oor persoonlikheidstrukture.**


### 2.3.4 Murray se siening oor die ontwikkeling van persoonlikheid

Hoewel Murray vanuit die Freudiaanse skool 'n siening oor persoonlikheid ontwikkel het, het sy teorie egter die kragte van behoeftes en druk beklemtoon. Die konsepte word as volg verduidelik:

- Behoeftes dui op interne prosesse. Wanneer dit ontstaan, veroorsaak dit spanning wat die persoon motiveer om die behoefte te bevredig. Byvoorbeeld wanneer 'n kind voel hy kry nie genoeg erkenning van sy ouers nie, sal hy harder begin leer om sodoende beter te presteer. Die behoefte aan erkenning het dus eers ontstaan en die spanning in die kind het veroorsaak dat hy iets daarvan doen met die hoop om sy behoefte te bevredig.

- 'n Druk word gesien as 'n krag in die persoon se omgewing wat spanning in die persoon veroorsaak en dit lei weer tot 'n behoefte wat bevredig moet word. Byvoorbeeld wanneer ouers van hul kind verwag om bo 80% te presteer, plaas dit druk op die kind om die prestasie te bereik. Terselfdertyd ontstaan daar 'n behoefte by die kind om sy ouers tevrede te stel en werk hy harder om bo 80% te presteer.  
(Crumbaugh, 1990:35)

Murray se siening oor die ontwikkeling van die persoonlikheid is 'n uitbreiding en verlenging van die psigoanalitiese tradisie. Volgens Murray beskik die suigeling aanvanklik oor persoonlikheid in die vorm van aanvaarbare en onaanvaarbare id impulse. Met meer ervaring en sosialisering begin hy 'n ego ontwikkel en dan 'n superego en ego-ideaal (Maddi & Costa, 1972:83). Hy is oortuig dat 'n persoon in die wêreld kom met 'n id, wat nie net bestaan uit antisosiale behoeftes nie, maar ook aanvaarbare behoeftes soos byvoorbeeld prestasie. Om behoeftes in 'n komplekse wêreld te bevredig, lei tot die versnelling van die ontwikkeling van die ego, wat 'n wye reeks van kognitiewe- en aksie-vaardighede insluit. Omdat sommige van die persoon se behoeftes aan goedkeuring van die samelewning onderworpe is, ontwikkel 'n persoon ook 'n superego, wat die persoon dwing om 'n verantwoordelike persoon in die samelewing te wees. Murray glo dit is die interaksie tussen die id (met bystand van die ego) en die samelewing (met bystand van die superego) wat die ontwikkeling van die algemene leefstyl bepaal. 'n Seun sal byvoorbeeld wil presteer om sodoende sy ouers, onderwysers en homself tevrede te stel en te voel hy bereik sy potensiaal. Deur te presteer ontwikkel hy moontlik eienskappe soos deursettingsvermoë, 'n gevoel van selftevredenheid en selfvertroue wat 'n direkte invloed op sy algemene leefstyl het. Hierdie eienskappe word dan deel uit van sy persoonlikheid (Maddi & Costa, 1972:162-163). (Sien figuur 2)



**Figuur 2. Ontwikkeling van persoonlikheid**

Murray verdeel die mens se vroeë lewe in vyf stadia van ontwikkeling, naamlik die bekrompe (intra-uterien), orale, anale, uretrale en falliese stadium. Elke stadium word gekenmerk deur genotvolle omstandighede wat beëindig word deur sosialiseringskragte uit die eksterne omgewing. Indien die eksterne kragte die kind te veel of te min beïnvloed, sal 'n fiksasie ontstaan. Hierdie onderbreking in sielkundige groei, indien dit ernstig of gereeld voorkom, sal 'n letsel op die ontwikkeling van die individu se persoonlikheid laat, in die vorm van 'n kompleks of '*unity-thema*' soos Murray dit beskryf (Maddi & Costa, 1972:83). 'n Kompleks of '*unity-thema*' is 'n interaksie tussen behoeftes en druk, wat die sleutel is tot die individu se unieke eienskappe en 'n beduidende invloed op die individu se ontwikkeling uitoefen (Dewsbury et al., 2006:181). Indien komplekse wat die ontwikkeling van die persoonlikheid beïnvloed, nie te sterk of te veel is nie, behoort die persoonlikheid voortdurende verandering te toon tot en met volwassewording. Die individu sal met verloop van tyd 'n sterk ego ontwikkel wat lei tot buigsaamheid, bewustheid, effektiwiteit, 'n gesofistikeerde superego, 'n realistiese ego-ideaal en 'n sosiaal interafhanklike behoeftestruktuur (Maddi & Costa, 1972:83-84).

### **2.3.5 Ontstaan van TAT vanuit Murray se persoonlikheidsteorie**

Die TAT het ontstaan in samewerking met een van Murray se studente, Christiana Morgan, om reaksies van dubbelsinnige interpersoonlike stimuli te assesseer (Lilienfeld et al., 2000:39). Murray en sy medewerkers het fantasieë ondersoek, veral in die vorm van literêre skeppings, om onbewuste aspekte van persoonlikheid na vore te bring. Die TAT, was een van vele metodes wat ontwerp is om fantasieë te ontlok. Murray het geglo dat die TAT die dieper vlakke van persoonlikheid sal openbaar (Dewsbury et al., 2006:177-178).

Tydens Murray se navorsing oor die ontwikkeling van persoonlikheid het hy 'n paar konsepte nagevors wat vir hom essensieel was vir persoonlikheidontwikkeling, naamlik; die persoon se behoeftes, druk vanuit die samelewing, die apperseptiewe verteenwoordiging van omgewingskragte asook die kragte self. Hierdie veranderlikes het hy op verskillende maniere geassesseer; in konkrete lewensituasies, onderhoude, fantasieë, vraelyste en in die laboratorium (Zucker et al., 1992:28).

Murray het die term appersepsie gekies in teenstelling met persepsie om te beklemtoon dat die toetslinge aktief TAT-stimuli interpreteer in ooreenstemming met hul persoonlikheidstrekke en lewenservaringe (Lilienfeld et al., 2000:39).

Een van die belangrikste aspekte van Murray se boek "*Explorations in Personality*" wat in 1938 gepubliseer is, was sy lys van 20 behoeftes wat later die basis gevorm het vir 'n aantal persoonlikheids-evalueringstoestelle, beide projektief en objektief (Costa & McCrae, 1988:258). Alhoewel Murray 20 behoeftes identifiseer, fokus die TAT hoofsaaklik op drie, naamlik: 'n behoefte aan intimiteit; 'n behoefte aan prestasie en 'n behoefte aan mag (Foxcroft & Roodt, 2001:242).

Murray se gebruik van die TAT berus op twee veronderstellings naamlik:

- Die kenmerke wat aan die held of hoofkarakter in die storie toegeken word, verteenwoordig eienskappe van die toetsling se eie persoonlikheid.
- Die karaktereienskappe van die held se omgewing verteenwoordig beduidende aspekte van die toetsling se eie omgewing.

(Lany, 1982:60)

Murray se sisteem om TAT response te analiseer berus op vyf elemente naamlik: die held, die behoeftes van die held, die druk van die omgewing, die tema en die uitkoms. Hy het aangeneem dat die held of hoofkarakter van die TAT-kaart die toetsling se verstandelike prosesse, sy bewussyn en onbewuste verteenwoordig (Crumbaugh, 1990:35) en dat die toetsling met die primêre figuur (die ‘held’) op die kaart sal identifiseer en ‘n storie sal opmaak tot voordeel van die held (Lilienfeld et al., 2000:39). Hierdie stories kan gesien word as tiperend van dit wat die toetsling nie oor homself wil of kan openbaar nie (Murstein, 1965:425).

## 2.4 TEMATIESE APPERSEPSIE-TOETS (TAT)

### 2.4.1 Omskrywing van die TAT

Die toets bestaan uit 31 kaarte waarvan een blanko is. Almal is swart-en-wit en bevat ‘n verskeidenheid van tonele wat ontwerp is om sekere klassieke menslike situasies uit te beeld. Sommige kaarte bestaan uit enkele persone, ander weer uit groepe mense en dan is daar ook kaarte wat geen mense bevat nie. Van die prente lyk soos regte foto’s, terwyl ander weer surrealiese sketse is. Die toetsling word bekend gestel aan die toets deur die toets te beskryf as ‘n verbeeldingstoets en dat dit die toetsling se taak is om te vertel watter gebeure aanleiding gegee het tot die toneel op die kaart, wat gebeur

tans en wat gaan die uitkoms wees? Die toetsling word ook gevra om te vertel wat hy dink die karakters in die toneel dink en voel (Cohen & Swerdlik, 2005:385).

## 2.4.2 Die rasional van die TAT

Murray (1943:3) noem dat die stories wat uit die TAT verkry word, dikwels beduidende komponente van die persoonlikheid openbaar. Die rede hiervoor is tweërlei van aard:

- Eerstens, mense is geneig om dubbelsinnige stimuli te interpreteer in ooreenstemming met hul vorige lewenservaringe en huidige behoeftes.
- Tweedens die geneigdheid van mense om gedagtes uit hul vorige lewenservarings te gebruik om hul sentimente en behoeftes uit te druk.

Volgens Cohen & Swerdlik (2005:389) is die TAT se rasional die feit dat die toets 'n baie goeie intuïtiewe aanspraak het. Dit maak sin dat 'n persoon sy eie motivering sal projekteer wanneer hy gevra word om 'n storie op te maak oor dubbelsinnige stimuli.

Hock (1995:389) noem dat wanneer menslike gedrag waargeneem word, hetsy dit op 'n prent is of in die werklike lewe, 'n persoon dit sal interpreteer volgens die leidrade wat beskikbaar is in die situasie. Indien die rede vir die karakter/s se gedrag duidelik is uit die beschikbare gegewens in die situasie, behoort die persoon wat die situasie waarneem nie net korrek te wees nie, maar ook met ander waarnemers ooreen te stem. Maar indien die situasie vaag is en dit moeilik is om redes vir die karakters se gedrag te vind, sal die persoon se interpretasie van die situasie heel moontlik iets van homself reflekteer byvoorbeeld: vrese, verwagtinge, wense, konflik, motiewe.

In die TAT se handleiding noem Murrray (1943:3) dat indien die toets voorgehou word as 'n toets van verbeelding, die toetsling se belangstelling tesame met sy behoefté aan goedkeuring so betrokke kan wees by die taak, dat hy vergeet van sy sensitiewe self en die nodigheid om dit te verdedig. Kort voor lank gee hy dan inligting oor die karakter in die prent wat eintlik op homself van toepassing is. Die inligting sou hy in alle waarskynlikheid nie maklik openbaar het as hy direk gevra is om dit te doen nie.

Volgens Du Toit en Piek (1974:17-19) kan die toetsafnemer verwag om inligting van die toetsling deur die TAT te verkry, gegrond op die volgende aannames wat as die rasional agter die TAT beskou kan word:

- *Persoonlikheid kom tot uiting in gedrag.* Gedrag is nie toevallig nie, maar 'n manifestasie van 'n persoon se gedrag. Geen gedragswyse reflekter die hele persoon nie, maar aan die ander kant is geen deel van die persoonlikheid uitgeskakel in bepaalde gedragswyses nie.
- *Hoe 'n persoon sy wêreld waarneem, is 'n besondere aanduiding van hoe hy in sy wêreld staan.* 'n Persoon se ondervindings, sy behoeftes en vrese en sy wyse van menswees bepaal hoe hy waarneem. Hy sien dus dinge nie net soos dit is nie, maar ook soos hy is.
- *Psigiese determinisme.* Daar is 'n oorsaaklike verband tussen die aanleiding tot gedrag en die daaropvolgende gedrag. Tydens die interpretasie van response is dit dus nodig om die bepaalde kaart se stimuluswaarde in ag te neem, asook die psigies determinerende faktor. Dit is ook belangrik om in ag te neem hoe die psigies determinerende faktor inskakel by die besondere persoon se aard, vorige ondervinding en hoe dit in sy vertelling na vore kom.
- *Kontinuïteit.* Voorbeelde van response wat deur middel van die TAT verkry word, kan 'n goeie aanduiding wees van hoe die persoon in ander situasies en in die toekoms sal optree omdat daar kontinuïteit in die persoonlikheid aanwesig is.

### **2.4.3 Geldigheid van die TAT**

Wanneer die resultate van die navorsing oor die TAT bestudeer word, is dit belangrik om die volgende in ag te neem:

- Ten spyte van die feit dat daar verskeie puntetoekenningsisteme ontwikkel is, maak weinig klinici daarvan gebruik. Die meeste klinici interpreter die TAT op 'n impressionistiese basis deur kliniese oordeel en intuïsie.
- Daar is min konstantheid betreffende watter TAT-kaarte gebruik word in navorsingsprojekte.

(Lilienfeld et al., 2000:39)

Twee probleme bemoeilik uitsprake oor die geldigheid van die TAT. Die eerste probleem staan bekend as die "Walter Mitty"-effek. Dit is wanneer 'n toetsling hoë vlakke van 'n konstruk (byvoorbeeld selfkonsep) sal toon, nie omdat hy hoë vlakke van die konstruk besit nie, maar omdat hy graag hoë vlakke van die konstruk sou wou besit. Aan die ander kant sal sommige toetslinge weer lae vlakke van 'n sekere konstruk, byvoorbeeld aggressie, toon, nie omdat hul lae vlakke van die konstruk besit nie, maar omdat hul die manifestasie daarvan onderdruk. Die toetsling besef moontlik dat hoewel hy aggressief is, aggressie nie gesien word as 'n sterk punt in die samelewing nie en sal dan eerder passief voorkom in situasies waar konflik verwag is. Hierdie fenomeen word die Inhiberende effek genoem (Lilienfeld et al., 2000:39-40).

Vane (1981:332-333) is van mening dat die teenwoordigheid van sekere temas nie direk verband hou met die gedrag van die toetsling nie. 'n Toetsling vertel dalk stories waarin baie aggressie voorkom, maar dit kom nie noodwendig in sy gedrag voor nie. Die meeste klinici het egter nie 'n probleem met hierdie teenstrydigheid nie. Hulle meen dat die toetsling eintlik aggressief is, maar bang is om aggressief op te tree. Die persoon het dus as gevolg van hierdie vrees 'n suksesvolle verdedigingsmeganisme teen aggressie opgebou en kom dus rustig en gematig voor. Aggressiewe uitbarstings

van tyd tot tyd kan dus verduidelik word as ‘n tydelike verbrokkeling van die toetsling se verdedigingsmeganisme.

Die TAT word deur klinici beskou as ‘n instrument wat bruikbare en sinvolle inligting oor emosionele response van die toetsling verskaf wat andersins verbloem sou bly. Alvarado (1994:59-60) is egter van mening dat hoewel die TAT gebruik word in beide kliniese praktyke en navorsing, die empiriese geldigheid daarvan nog bewys moet word. In meeste gevalle berus die TAT op kwalitatiewe eerder as op kwantitatiewe interpretasie wat dit statisties moeilik maak om geldigheid aan te toon.

Die geldigheid van ‘n toets is ‘n belangrike eienskap vir die praktiese bruikbaarheid daarvan. Hoewel dit wil voorkom asof die meerderheid navorsers saamstem dat die TAT se geldigheid oor die algemeen onvoldoende is, is dit tog interessant dat klinici dit steeds as ‘n waardevolle instrument beskou wat inligting oor ‘n persoon deurgee wat andersins maklik verbloem sou bly. Dit wil dus voorkom asof die geldigheid en die bruikbaarheid van die TAT nie met mekaar verband hou nie.

#### **2.4.4 Betroubaarheid van die TAT**

Volgens Nortje (1991:57) moet die betroubaarheid van projeksietegnieke soos die TAT in die lig van die volgende probleemareas gesien word:

- Foutvariansie of ewekansige foute kan selfs in gestruktureerde toetse nie algeheel geëlimineer word nie.
- Daar is ‘n leemte in gestandaardiseerde metodese van toets-implimentering, nasien en interpretasie.

- Faktore soos die tydsuur en lengte van die toets, verbale vaardigheid van die proefpersoon en die effek van die toetsafnemer op die resultate.

Nieteenstaande bogenoemde moontlike probleme noem Cohen & Swerdlik (2005:388) ondersoek wat die betrouwbaarheid van die TAT in 'n gunstige lig plaas. Daar is bevind dat in eksperimentele toetse waar opgeleide toetsafnemers dieselfde procedures en puntetoekenning gebruik het, daar konsekwentheid in hulle bevindinge was, wat 'n aanduiding van betrouwbaarheid is.

Cramer (2000:89) meen dat die TAT 'n waarnemingsmetode is en nie 'n psigometriese toets nie. Hy stel voor dat die TAT se betrouwbaarheid bepaal moet word deur 'n benadering te gebruik soos vir alle ander waarnemingsmetodes. Betrouwbaarheid in waarnemingstudies word gebaseer op twee of meer onafhanklike waarnemers. In die geval van die TAT beteken dit dat die tellings van twee of meer waarnemers moet ooreenstem, verkieslik op 'n kaart-tot-kaart basis. Hy meen dat intra-betrouwbaarheid in die geval van die TAT eerder oorweeg moet word. Intra-betrouwbaarheid is die mate waarin twee of meer individue wat dieselfde aspek evalueer, dieselfde resultate verkry (Leedy & Ormrod, 2001:99).

Hoewel Murray geglo het dat die TAT sal ontwikkel in 'n betroubare toets en daar reeds in 1971 alreeds omtrent 1800 artikels in verband met die TAT gepubliseer is, bly dit vir die meeste sielkundiges 'n instrument en nie 'n gestandaardiseerde toets waar die klem op betrouwbaarheid en geldigheid val nie (Vane, 1981:321).

Murstein (1963:162) ondersteun die laaste stelling en noem dat hoewel die groot meerderheid studies swak of gemiddelde betrouwbaarheidskattings toon, die probleem grootliks geïgnoreer word deur baie praktiserende kliniese sielkundiges en dat die TAT steeds 'n baie populêre instrument is.

## **2.4.5 Voordele van die toets**

Dit wil voorkom asof die TAT meer voordele as nadele het. Groth-Marnat (1984:154-155) hou die volgende redes voor waarom die TAT 'n waardevolle instrument is:

- Dit verskaf toegang na die dieper strukture van 'n individu se persoonlikheid.
- Dit is onwaarskynlik dat die persoon iets sal vorgee wat hy nie is nie. Die doel van projektiwe tegnieke is gewoonlik verdoesel, sodat die persoon sy bewuste verdedigingsmeganismes verslap en sodoende onderbewuste inligting openbaar.
- Daar word gefokus op die globale aard van persoonlikheid, eerder as op die objektiewe meting van spesifieke kenmerke of houdings. Dit sluit nie net emosionele-, motiverings-, en interpersoonlike karaktereienskappe in nie, maar ook algemene intellektuele vlak, oorspronklikheid en probleemplossingstyle.
- Daar is gewoonlik 'n gemaklike atmosfeer, aangesien die toetsling weet daar is nie 'n verkeerde antwoord nie.

Waiswol (1995:245) hou weer die volgende voordele voor:

- Die vrye assosiasie van projeksietoetse is nuttig om die aard van angs en inhibisies te bepaal en waar te neem.
- Die toetsling toon dikwels minder verdedigingsmeganismes en weerstand tydens die afneem van die instrument omdat hy, as gevolg van die indirekte kommunikasie, konfrontasie met moeilike emosionele kwessies kan vermy.
- Die toetsling se onvertroudheid met interpretasies en betekenissoorten sluit die moontlikheid uit dat hy die situasie kan manipuleer of beheer.

- Die toetsling voel minder bedreig vir 'n te vroeë intense interpersoonlike pasiënt-terapeut verhouding.

Navorsing waarin die TAT gebruik is in groepterapie met kinders, het die volgende voordele na vore gebring; die TAT se benadering was nie dreigend nie, maar eerder speels en het terselfdertyd die kinders se belangstelling en verbeelding aangewakker en hul betrokkenheid verhoog (Hoffman, Rosman, Danon & Peres, 1993:121).

Bellak (1992:451-452) noem ook dat appersepsie tegnieke bevredigend is in die sin dat hulle aangepas kan word. Die inligting verkry uit die TAT kan lei tot allerhande eksplorasiemetodes. Hy is ook van mening dat die inligting wat met die TAT verkry is, bruikbaar is om byna enige faset van die mens se denke te verstaan.

#### **2.4.6 Nadele van die toets**

Die volgende is kritiek betreffende die TAT en moet in ag geneem word wanneer die toets gebruik word:

- Onvoldoende standaardisering betreffende toekenning van punte en administrasie.
- Onvoldoende normatiewe data en 'n uiteindelike steun op algemene kliniese ervaring om die toetsprestasie te interpreteer.
- Onvoeldoende geldigheid-studies.
- Toetssensitiwiteit betreffende veranderlikes tydens die toetssituasie soos stres, slaapdeprivasie ensovoorts, wat 'n beduidende invloed op toetsprestasie kan hê.

(Groth-Marnat, 1984:155)

Teglasi (2001:254) noem verdere tekortkominge van die TAT:

- Daar is min konsensus oor die TAT se interpreteringsbenaderings, asook 'n omvattende stel norme.
- Die vereiste aan opleiding en die tydrowende aspek van die metode, veroorsaak dat daar eerder na vinniger en makliker oplossings gesoek word.
- Sielkundiges maak nie maklik staat op kliniese oordeel in die afwesigheid van norme en ander psigometriese data nie.
- Sommige toetslinge voel soms angstig en onseker as gevolg van die min struktuur wat projektiewe tegnieke verskaf.

Volgens Lanyon & Goodstein (1982:61) is 'n problematiese aspek van die TAT die feit dat dit moeilik is om te bepaal of 'n beduidende behoeftte of persoonlikheidseienskap teenwoordig sal wees in die toetsling se gedrag in werklike situasies, teenoor die moontlikheid dat dit net bestaan op sy fantasie- of onbewustevlak. Hierdie probleem is egter reeds bespreek en word as die "Walter Mitty" en Inhiberende effek gesien (sien paragraaf 2.4.3).

Ritzler, Sharkey & Chudy (1980:358) is weer van mening dat sielkundiges geneig is om negatiewe kwaliteite in die toetsling se leefstyl te beklemtoon. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die meeste kaarte van die TAT somber en donker is. Dit lei daar toe dat die toetsling meer somber response kan verskaf en daar dus meer op die donker kant van die toetsling se persoonlikheid gekonsentreer word.

Nog 'n faktor wat in ag geneem moet word, is die feit dat klinici onbewustelik hul eie karaktereienskappe projekteer aan die toetsling se projeksie van die kaarte. Met ander

woorde, die interpretasie van die TAT is heel moontlik ook 'n projeksietoets vir die persoon wat die TAT afneem (Hock, 1995:272).

#### **2.4.7 Navorsing oor die TAT**

Navorsing toon dat die TAT steeds 'n instrument is wat dikwels gebruik word in kliniese situasies, veral aangesien praktiserende persone voel dat dit nuttige en bruikbare inligting verskaf. Navorsing oor die TAT is moeilik kontroleerbaar omdat die wyse waarop die kaarte gebruik word, van een navorser na 'n ander kan verskil. Verder kan verskillende kombinasies van kaarte gebruik word (Keiser & Prather, 1990:801-802).

Vane (1981:321-322) beskou die TAT ook as 'n populêre kliniese instrument. Sy is van mening dat daar al voldoende data beskikbaar moet wees om 'n substansiële fondasie vir die TAT as gestandaardiseerde toets neer te lê, aangesien die TAT wêreldwyd al goed nagevors is. Ongelukkig, weens die variasies in die tipe administrasie, puntetoekenning en selektiewe gebruik van slegs sommige kaarte, is baie van die navorsing nie vergelykbaar nie en kan dit nie gebruik word om uitspraak oor betroubaarheid en geldigheid te lewer nie.

Volgens Vane (1981:322) het die volgende vraag opgedui in 'n poging om verskillende studies oor die TAT te evaluateer: 'Kan resultate wat verkry is vanaf groepadministrasie vergelyk word met resultate wat verkry is deur individuele admininstrasie?' 'n Aantal outeurs het hierdie probleem bestudeer deur die inligting van proefpersone te vergelyk as hulle die TAT individueel afgelê het en as deel van 'n groep afgelê het (Eron & Ritter, 1951; Eron, Sultan & Auld 1955; Lindzey & Heinemann, 1955; Lindzey & Silverman, 1959; Sarason & Sarason, 1958; Terry, 1952). Die resultate het getoon dat langer stories vertel word wanneer die toets individueel gadministreer word, maar daar was weinig verskil in die inhoud van die stories tussen die twee administrasiewyses.

Lindzey and Silverman (1959) het ook groep- en individuele administrasies met mekaar vergelyk. Hulle kon geen verskil vind ten opsigte van die voorkoms van veranderlikes soos prestasie, affiliasie, voortreflikheid, dominansie, betrokkenheid, seks, kwaliteit, aantal figure, en onderworpenheid aan instruksies nie.

Volgens Alvarado (1994:60-61) kan die TAT vir navorsingsdoeleindes slegs in ag geneem word as 'n vorm van waarneembare gedrag weens die volgende redes:

- Daar bestaan kommer of TAT-response gebruik kan word om gedrag te voorspel.
- Daar is bevind dat die toetsling die inhoud van hul response kan beheer deur 'n beeld voor te hou wat hul graag wil projekteer.
- Daar is geslags-, ras-, intelligensie-, opvoedkundige en ekonomiese klasverskille in die inhoud van toetslinge se response.

#### **2.4.8 Navorsingsvelde waar die TAT gebruik word**

In die TAT se handleiding (Murray, 1943:3) word die TAT beskryf as 'n bruikbare instrument wat nuttig is in enige omvattende studie van persoonlikheid en die interpretasie van gedragsdisfunksies, psigosomatiese siektes, neuroses en psigoses.

Volgens Du Toit & Piek (1974:25) blyk dit dat die TAT veral slaag om informasie op die volgende terreine te verkry:

- Lewensuitkyk en houdings
- Frustrasies, konflikte en vrese
- Emosies
- Seksuele gedrag

- Verdedigingsmeganismes
- Verhouding met mense en die buitewêreld

Verder verduidelik Du Toit & Piek (1974:24) dat wanneer daar op emosies gefokus word, inligting oor die volgende met behulp van die TAT verkry kan word: konflik, emosionele verandering, angs, ekstase, wantroue en angstigheid.

Ackerman, Hilsenroth, Clemence, Weatherill & Fowler (2001:296) noem ook dat projeksie-tegnieke soos die Rorschach en TAT dikwels gebruik word om persoonlikheidsfunksionering te evalueer.

Volgens Kline (2000:556) kan die volgende konsepte met behulp van die TAT ondersoek word: affiliasie, aggressie, dominansie, versorging, verwerping, verlies, fisiese gevaar, fisieke beserings.

Verskeie behoeftes soos prestasie, mag, of erkenning kan ook uit die TAT afgelei word. Verder kan die balans tussen 'n persoon se individualistiese aspirasies en interpersoonlike doelwitte betreffende die welstand van ander uit die TAT na vore kom (Teglasie, 2001:190). Volgens Osborn (1996:2) noem Bellak dat die TAT die werklike dinamika van interpersoonlike verhoudings uitlig. Die TAT verskaf ook inligting oor die individu se verhouding met beide geslagte, ouoriteitsfigure en die portuurgroep.

## **2.5 GEVOLGTREKKING**

In hierdie hoofstuk is ‘n aantal bekende projeksietegnieke bespreek. Die TAT is in detail ontleed. Verskeie aspekte van Henry Alexander Murray en hoe die TAT ontstaan het vanuit sy behoefteteorie is bespreek. Daar is ook gelet op Murray se sienings rondom die mens en die ontwikkeling van persoonlikheid asook die navorsing wat reeds oor die TAT gedoen is.

Uit die literatuurstudie het dit duidelik geword dat betroubaarheid en geldigheid die mees problematiese aspekte is wat uit die navorsing oor die TAT na vore gekom het. Die “Walter Mitty” en Inhiberende effek speel ‘n groot rol wat die geldigheidsuitsprake oor die TAT bemoeilik (Sien paragraaf 2.4.3).

Nog kritiek betreffende die TAT is dat die meeste klinici die TAT interpreer deur kliniese oordeel en intuïsie. Daar is ook min konsekwentheid betreffende watter TAT-kaarte gebruik word in navorsingsprojekte (Lilienfeld et al., 2000:39). Die TAT is ook nie voldoende gestandaardiseer betreffende toekenning van punte en administrasie nie (Groth-Marnat, 1984:155). Nog ‘n nadeel volgens Teglasi (2001:254) is dat sommige toetslinge moontlik angstig en onseker kan voel as gevolg van die min struktuur wat projektiewe tegnieke verskaf.

Dit is tog belangrik om in ag te neem dat klinici die TAT beskou as ‘n instrument wat bruikbare en sinvolle inligting oor emosionele response van die toetsling verskaf wat andersins verbloem sou bly. Dit sou jammer wees as so ‘n nuttige instrument nie tot sy volle reg kom nie weens geldigheids- en betroubaarheidsprobleme. Dit wil voorkom asof ‘n meer objektiewe vorm van die TAT moontlik ‘n oplossing kan wees vir van die kritiek wat voortgespruit het uit die navorsingsresultate waarby die TAT betrek is. ‘n

Meer objektiewe vorm van die TAT behoort meer struktuur te verskaf aan die prosedure en interpretasie.

In 'n ondersoek om te bepaal of 'n objektiewe vorm van die TAT gebruik kan word om adolessente te evalueer, moet daar eerstens besluit word op watter affektiewe konstrukte tydens adolessensie problematies is. In die volgende hoofstuk sal 'n literatuurstudie onderneem word om hieroor uitsluitsel te gee.

## **HOOFSTUK 3**

### **VERNAME AFFEKTIEWE VERANDERLIKES WAT BY DIE ADOLESCENT VOORKOM**

#### **3.1 INLEIDING**

In die vorige hoofstuk is daar veral gelet op die TAT as projeksiotoets en die verskeie navorsingsmoontlikhede van die TAT (sien paragraaf 2.4). Volgens Murray (1943:3) kan die TAT nuttig gebruik word in enige omvattende studie van persoonlikheid en die interpretasie van gedragsdisfunksies, psigosomatiese siektes, neuroses en psigoses.

Die studie poog om te bepaal of 'n meer objektiewe vorm van die TAT ook akkurate inligting sal deurgee oor sekere affektiewe faktore wat nagevors word. Om hierdie rede is daar besluit om te fokus op ses konstrukte wat relevant is tydens adolessente se ontwikkeling tot volwassewording.

Daar is besluit om van adolessente gebruik te maak in die studie aangesien die TAT 'n gewilde psigologiese instrument is om met adolessente te werk (Osborn, 1996:48). Dit wil voorkom asof sekere psigologiese en psigiatriese probleme huis tydens adolessensie kan ontstaan of meer sigbaar word. Voorbeeld van sulke psigologiese of psigiatriese probleme is fobies, angstigheid, depressie, selfmoord en pogings tot selfmoord, aandagafleibaarheid, anoreksie en bulimie, skisofrenie en substansmisbruik. Dit is ook moontlik dat sommige kinders tydens adolessensie bewus raak van onderbewuste konflik in hulself as gevolg van trauma vroeër in hulle lewens (Nicolson & Ayres, 2004:2-3).

Die affektiewe veranderlikes wat in die hoofstuk bespreek gaan word is angs, stres, depressie, aggressie, selfkonsep en die verskillende interpersoonlike verhoudings waarin die adolessent hom bevind. Hierdie veranderlikes kom dikwels by die adolessent voor (Gouws et al. 2000; Lerner & Steinberg, 2004; Santrock, 2008). Volgens Du Toit & Piek (1974:24-25) is die TAT 'n handige instrument om inligting oor hierdie konstrukte te verkry (sien paragraaf 4.8). In die hoofstuk word daar dan ook gelet op navorsing wat reeds gedoen is oor die konstrukte waarby die TAT betrek is.

### **3.2 DIE BEGRIP ADOLESSENT**

Adolessensie is 'n term wat afgelei word van die Latynse werkwoord "*adolescere*" wat beteken om tot volwassenheid te groei. Adolessensie begin met die aanvang van puberteit en eindig met die aanvaarding van volwasse verantwoordelikhede. Aangesien die aanvang van puberteit en die bereiking van volwassenheid feitlik onmoontlik is om te definieer en te spesifiseer, is die vasstelling van grense vir adolessensie vaag (Strydom, 2003:8-9).

Volgens Nicolson & Ayres (2004:2) kan adolessensie beskryf word as die oorgangsfase tussen die kinderjare en volwassenheid. Dit is 'n periode van biologiese, sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling, wat indien dit nie na behore geskied nie, kan lei tot emosionele en gedragsprobleme in die volwasse lewe. Die aanvang van adolessensie wissel gewoonlik tussen die ouderdomme 10 tot 13 jaar en eindig tussen 18 tot 22 jaar.

Volgens Levy-Warren (1996:3) kan adolessensie in drie fases ingedeel word:

- Vroeë adolessensie, wat gekenmerk word deur toenemende onafhanklikheid van die ouers.
- Middel adolessensie, waar die fokus val op identiteitsvorming en die vestiging van sosiale verhoudinge.
- Laat adolessensie, waar die belangrikste taak is om uit te beweeg en selfstandige en verantwoordbare keuses uit te oefen.

Sosiaal word adolessensie gekenmerk deur 'n toenemende onafhanklikheid van die adolescent se ouers, soos wat die jongmens homself voorberei om die huis te verlaat, onderrig te voltooi en daarna 'n beroep te beklee (Smith et al., 1998:231). Die adolescent se sosiale ontwikkeling veroorsaak 'n strewe om sy eie persoonlike identiteit te ontwikkel, tesame met 'n gevoel van outonomie wat dan heel dikwels lei tot groot of klein, tydelike of permanente verskille met hul ouers, versorgers of onderwysers (Nicolson & Ayres, 2004:2). Psigologies gesproke eindig adolessensie wanneer die individu tot 'n mate seker is van sy identiteit, emosioneel onafhanklik van sy ouers kan funksioneer, 'n eie waardestelsel ontwikkel het en in staat is om volwasse verhoudings aan te knoop (Strydom, 2003:9). Die belangrikheid van adolessensie is die feit dat, tesame met die kinderjare, dit die fondasie vorm vir volwassenheid (Nicolson & Ayres, 2004:2-3).

### **3.3 VERNAME AFFEKTIEWE VERANDERLIKES WAT BY DIE ADOLESSENT VOORKOM**

Tydens adolessensie gaan die adolescent deur 'n fase waar hy gedryf word deur 'n soeke na aanvaarding en sy eie identiteit (Ketterlinus & Lamb, 1994:42). As gevolg

van drastiese en skielike fisiese veranderinge van hul liggame gaan 'n nuwe wêreld vol uitdagings vir die adolescent oop. Hierdie faktore lei dikwels ook tot probleme en stres by die adolescent. Adolescente is byvoorbeeld skielik baie bewus oor hul voorkoms en dit is vir hul baie belangrik om aanvaar te word deur hul portuurgroep (Gouws et al., 2000:9-10).

Om te bepaal watter affektiewe faktore 'n belangrike rol speel in die adolescent se ontwikkeling is daar verskeie bronne geraadpleeg. Santrock (2008) bespreek onder ander die adolescent se puberteit, sy kognitiewe ontwikkeling, selfkonsep en emosies, geslagsverskille en seksualiteit, gesinsomstandighede, die portuurgroep en romantiese verhoudinge. As probleemareas tydens adolescensie sonder hy stres, angs, depressie, dwelmmisbruik, eetversteurings en aggressie uit. Gouws et al. (2000) lê klem op die fisiese, kognitiewe en sosiale ontwikkeling van die adolescent. Die sosiale ontwikkeling sluit die adolescent se verhoudinge en selfkonsepvorming in. Sosiale bekommernisse oor die adolescent is byvoorbeeld: seksuele houdings en gedrag, swangerskappe, drankmisbruik en aggressie. As gedragsprobleme noem hulle eetversteurings, onderprestasie en emosionele versteurings soos angs, stres en depressie. Steinberg (2008) beskryf die adolescent se biologiese, kognitiewe en sosiale ontwikkeling, asook die konteks waarin hy hom bevind soos sy familie, skool en portuurgroep. Steinberg let veral op identiteitsvorming van die adolescent, as 'n proses wat moontlik verkeerd kan loop. Laastens bespreek hy psigososiale probleme tydens adolescensie, naamlik drankmisbruik, antisosiale gedrag, geweld, depressie en stres.

Uit bogenoemde bronne wil dit voorkom of stres, angs, depressie, aggressie, interpersoonlike verhoudinge en selfkonsep van die vernaamste affektiewe faktore is wat problematies tydens adolescensie kan wees. Elke konstruk sal vervolgens in meer detail bespreek word.

### **3.3.1 Stres**

#### **3.3.1.1 Die begrip stres**

Clegg (2004:4) beskryf stres as volg:

“Positive stress is the fuel that drives us beyond the commonplace. The very concept of being ‘driven’ implies a sort of stress. Without any stress, life would be reduced to the level of a grazing animal with everything supplied. No wants, no worries, no interests – not much of a life.” (Strydom, 2003:32)

Volgens Strydom (2003:27-28) definieer Selye stres as “*the non-specific result of any demand upon the body, be the effect mental or somatic*”. Selye glo dat stres altyd in drie fases plaasvind, ongeag die faktore wat die stres in die persoon veroorsaak. Tydens die eerste fase word die liggaam bewus van die stressors en berei die liggaam hom voor om te veg of te vlug – dit is die waarskuwingsreaksie. Die tweede fase is die weerstandsfase waar die liggaam probeer om weerstand te bied teen die stressors en terug te keer na homeostase. Indien die pogings om weerstand te bied, misluk, ontstaan die derde fase – die uitputtingsfase.

Stres is egter ‘n komplekse verskynsel: mense het ‘n mate van stres nodig om prestasie te verseker, maar te veel daarvan is verlammend (Strydom, 2003:31-32). D’Aurora en Fimian (1988:44) stel dit treffend: “*Stress is a necessary part of life. A limited and personally manageable degree of stress can provide a challenge and zest for living*”. Savicki (2002:13) vat die paradoks van stres saam as: “*Stressors can be seen as both problematic when resources are not sufficient, and yet fulfilling when individual and environmental resources permit successful resolution.*”

### **3.3.1.2 Stressors**


Vandag se adolesente word toenemend blootgestel aan fisiese geweld en steurnisse in die wêreld, byvoorbeeld skoolgeweld, politieke geweld en moord, oorlog in verskeie lande, asook rassespanning. Bogenoemde faktore tesame met die gevoel dat hul eie veiligheid en die veiligheid van hul geliefdes bedreig word, kan lei tot ekstreme stres en emosionele probleme (Gouws et al., 2000:147). Santrock (2008:352) meen ook dat dit nie net kritiese lewensgebeure is wat stres veroorsaak nie. Kinders wat langdurig aan daaglikse spanning in hul familie blootgestel word of in armoede grootword, ervaar ook 'n hoogs stresvolle lewe.

Stressors kan onderverdeel word in drie kategorieë, naamlik stressors op mikro-, meso- en makrovlakte. (Sien figuur 3)

Op die mikrovlak is dit meestal interne stressors wat stres laat ontstaan vanuit die persoon self. Die faktore wat die interne stres laat ontstaan hou verband met die self, die vorming van 'n identiteit, fisiese ontwikkeling, fisiese voorkoms, persoonlikheidseienskappe ensovoorts (Gouws & Kruger, 1994:97). 'n Seun wat byvoorbeeld fisies klein gebou is in vergelyking met sy maats, sal moontlik intern stres ervaar en nie so goeie selfbeeld hê nie omdat hy nie so groot en sterk is soos sy maats nie.

Op die mesovlak kom stressors voor wat verband hou met die verhoudings tussen ouers, familielede, portuurgroep en onderwysers. Stressors wat eie is aan die skoolsituasie word ook op hierdie vlak geïdentifiseer. Die skool is een van die belangrikste stressors vir 'n adolescent. Die skoolomgewing kan as stressor dien, so ook 'n oorvol besige dagprogram van die adolescent. Daar is dikwels ongelooflik baie

**Figuur 3 Bronne van adolessente stres (Gouws et.al, 2000:148).**



druk op adolessente betreffende toetse en onrealistiese verwagtings van ouers en onderwysers (Gouws & Kruger, 1994:98).

Op die makrovlak word stres veroorsaak vanuit die persoon se kultuur en onmiddellike omgewing, hoewel die buitewêreld ook die adolessent se selfaktualisering kan beïnvloed. Faktore op die vlak sluit in rampe, dreigemente of daadwerklike geweld, algemene sosiale stres en diskriminasie, politieke veranderinge, tegnologiese stres en beroepsonsekerheid (Gouws & Kruger, 1994:99).

Daar is 'n wye verskeidenheid stressors wat 'n persoon kan affekteer. Stressors kan ook alleen of in kombinasie met ander stressors funksioneer. Die omvang en duurte van stressors sal dus grootliks van individu tot individu verskil (Bester, 2003:140-141).

### **3.3.1.3 Reaksies op stresvolle situasies**

Emosionele reaksies op stresvolle situasies kan wissel van uitbundigheid en opgewondenheid tot woede, benoudheid en moedeloosheid (Bester, 2003:142). Die reaksie op 'n stresvolle situasie word bepaal deur die individu se persepsie oor 'n gebeurtenis. Sommige adolessente sal 'n komende toets as 'n stressor sien terwyl ander dit weer sal beskou as 'n uitdaging (Santrock, 2008:350).

Volgens Gouws et al. (2000:150-151) is daar drie faktore wat kan veroorsaak dat 'n adolessent stres as negatief sal ervaar:

- Wanneer een stressor saamhang met nog 'n stressor, word die impak van die stressor verhoog, byvoorbeeld indien 'n kind se ouers skei en hul verhuis na 'n nuwe dorp.

- Indien die adolescent nie sosiale ondersteuning van sy ouers of vriende ontvang nie.
- Die manier hoe die adolescent stres hanteer. Sommige adolesente het meer effektiewe maniere om stres te hanteer as ander. Twee maniere kan onderskei word as:
  - ‘n *Probleemgesentreerde strategie*. Adolesente wat die probleemgesentreerde strategie gebruik, sal die oorsaak van die stres probeer beïnvloed of verander, byvoorbeeld om meer tyd in te ruim vir studie voor ‘n eksamen.
  - ‘n *Emosie-gesentreerde strategie*. Die adolescent soek eerder na oplossings om die stressor te vermy deur byvoorbeeld ‘n kalmeermiddel te drink voor ‘n eksamen of om by vriende te gaan kuier om van die stressor te vergeet.

Die probleemgesentreerde strategie is meestal die beter benadering om die stressor te oorkom.

Adolescente wat minder deur stresvolle situasies geraak word, besit gewoonlik eienskappe soos:

- Outonomiese denke
- Selfstandige probleemoplossingstrategieë
- Optimisme
- ‘n Sin vir humor
- ‘n Positiewe selfbeeld
- Verantwoordelikheidsin

(Bester, 2003:144)

### **3.3.1.4 Navorsing oor stres waarby die TAT betrek is**

Die navorsing kon geen navorsing vind wat handel oor stres waarby die TAT as meetinstrument gebruik is nie. Daar is wel 'n studie gedoen met behulp van die Rorschach, waar kinders met simptome van ADHD as eksperimentele groep gebruik is teenoor normale kinders in die kontrole groep. Die eksperimentele groep het in vergelyking met die kontrole groep laer tellings getoon ten opsigte van hulle vermoë om hulle eie emosies te reguleer asook hulle strestoleransie (Meehan, Ueng-McHale, Reynoso, Harris, Wolfson, Gomes & Tuber, 2008: 272).

Indien dit moontlik is om met die Rorschach, wat ook 'n projeksietoets is, strestoleransie te voorspel, is die moontlikheid nie uitgesluit om met behulp van die TAT ook 'n persoon se stres toleransie te voorspel nie.

## **3.3.2 Angs**

### **3.3.2.1 Die begrip angs**

In die hedendaagse gebruik van die woord angs, word daar verskeie betekenisse aan die term gekoppel. Psigometriste gebruik die term angs as 'n teoretiese term wat verwys na 'n onderliggende basis vir neurose. Sielkundiges gebruik weer die term angs om 'n mate van onbeheerbaarheid te beskryf wat meestal gefokus is op moontlike toekomstige gevare, bedreigings of negatiewe gebeurtenisse (Plutchik, 2003:315).

Angs word beskryf as 'n negatiewe gemoedstoestand wat gekenmerk word deur liggaamlike simptome soos fisiese gespannenheid en vrees vir wat die toekoms mag inhoud (Barlow & Durand, 2005:121). Vrees en angs is aangepaste reaksies vir

dreigende situasies. Hierdie reaksies word gebaseer op 'n akkurate assessering van potensiële risiko of gevaar teenoor 'n wanaangepaste reaksie wat gebaseer is op onakkurate assessering (Nicolson & Ayers, 2004:77).

Angs het fisiologiese, affektiewe, kognitiewe en gedragskomponente (Nicolson & Ayers, 2004:77). Hoewel angs 'n reaksie is wat by alle mense kan voorkom, verskil die intensiteit daarvan van mens tot mens. Angsvlakke kan ook van tyd tot tyd binne dieselfde individu verskil, afhangende van die situasie waarin die persoon homself bevind (Bester, 2003:150).

Angstigheid is 'n algemene probleem wat by adolessente voorkom (Rutter & Hay, 1994:413). Angsversteurings gaan gepaard met intense fisiologiese reaksies asook kognitiewe en gedragsafwykings wat wissel van ontvlugting tot aanvallende en ontwykende gedrag. 'n Adolescent wat chroniese angs ervaar, sal byvoorbeeld sukkel om vriendskappe te sluit, sy akademiese prestasie sal daaronder ly en so word sy beroepsmoontlikhede ook beperk. Gesinsverhoudinge ly ook dikwels daaronder. Verder belemmer dit die algemene geluk en selfkonsep van die adolescent (Bester, 2003:150). Angs is 'n relevante konstruksie om tydens adolessensie te toets en om hierdie rede is dit ingesluit in die objektiewe vraelys van die TAT.

### **3.3.2.2 Tipes angs**

Tipes angs sluit in algemene fobies, skeidingsangs, obsessieve-kompulsieve gedrag, toets-angs en post-traumatische-stres. Gewoonlik kom angsttipes soos algemene angstigheid, sosiale angs, paniekaanvalle en agorafobie veral tydens adolessensie na vore. Baie adolessente ervaar dikwels meer as een tipe angstigheid (Nicolson & Ayers, 2004:77).

### Skeidingsangs

Skeidingsangs word gekenmerk deur 'n kind se onrealistiese en aanhoudende kommer dat 'n tragedie sy ouers of ander belangrike persone in sy lewe sal tref. Die kind kan ook vrees dat iets met hom sal gebeur terwyl hy weg is van die belangrike persoon, wat dan tot 'n langdurige skeiding tussen hom en die persoon kan lei, byvoorbeeld ontvoering (Barlow & Durand, 2005:144).

Kinders met skeidingsangs hou fisies vas aan die ouer en volg die ouer soos 'n skaduwee. Wanneer skeiding met die ouer ter sprake is, huil en pleit die kind desperaat en kan die kind selfs histeriese gedrag toon. Kinders met skeidingsangs doen alles wat hulle kan om skeidingsituasies te vermy (Bester, 2003:151). Hulle weier dikwels om skool toe te gaan of om die huis te verlaat in vrees om hul geliefdes te verloor. Hierdie vrese kan daartoe lei dat die kind nie alleen wil slaap nie en dikwels nagmerries kry wat handel oor moontlike skeiding (Barlow & Durand, 2005:144).

Alhoewel die angststoestand dikwels by jonger kinders voorkom, kan dit ook by die adolescent in verskeie situasies voorkom. Sommige leerders kan daarop aandring dat hul ouers teenwoordig moet wees tydens deelname aan 'n atletiekbyeenkoms, omdat hulle van mening is dat hul slegs in sulke omstandighede 'n suksesvolle prestasie sal kan lewer (Bester, 2003:151).

### Obsessief-kompulsieve gedrag

Obsessies word deur Barlow & Durand (2005:159) beskryf as "*intrusive and mostly nonsensical thoughts, images, or urges that the individual tries to resist or eliminate*". Kompulsies is die gedagtes of aksies wat gebruik word om obsessies te onderdruk en wat meestal verligting bring vir die persoon. Bester (2003:152) noem dat waar obsessies op onrealistiese denke dui, kompulsies verwys na herhaalde like

(ritueelagtige) gedrag om 'n angswekkende situasie, wat deur die obsessiewe gedagtes geskep is, te hanteer. Hoewel die kompulsies die persoon se angs verminder, is dit nie effektief oor 'n lang periode nie.

By obsessies en kompulsies is herhaling sterk teenwoordig en daarom sal 'n obsessief-kompulsiewe persoon beskryf kan word as een by wie herhaalde angswekkende gedagtes voorkom en wat die angs probeer oorkom deur sekere rituele uit te voer. Sulke rituele is onder meer die was of skoonmaak van die omgewing, herhaalde kontrolering asook die ordening of versameling van items. Dikwels word die spesifieke gedrag vyf of meer kere herhaal. Dit kan hoogs frustrerend vir die persoon self wees weens die tyd wat die rituele in beslag neem. Baie obsessief-kompulsiewe persone probeer om situasies wat angs ontlok te vermy, maar die vermydingsgedrag kan gevoelens van minderwaardigheid en pessimisme tot gevolg hê (Bester, 2003:152).

#### Algemene angsversteuring of oorangstigheid

Persone met algemene angsversteurings fokus oor die algemeen op alledaagse gebeure in hul lewe en nie net op 'n spesifieke situasie of gebeurtenis nie. Hulle bekommernis oor die toekomstige gebeure is unrealisties en hul kom baie selfbewus voor (Gouws et al., 2000:159). Hulle is ook uitermate begaan oor hul bevoegdheid en moontlikhede, toon senuweeagtige kenmerke (byvoorbeeld naelsbyt), ervaar slaapversteurings en kla oor fisiese probleme soos maagpyn.

Oorangstige adolessente wend hul dikwels tot ander vir gerusstelling, aangesien hulle dit moeilik vind om hul bekommernisse te beheer. Hierdie gedrag kan aanleiding gee tot onnodige afhanklikheid van ander (Bester, 2003:153).

### **3.3.2.3 Faktore wat aanleiding gee tot angs**

Angs is dikwels 'n disfunksie wat teenwoordig is in families (Barlow & Durand, 2005:129). Dogters ervaar oor die algemeen meer vrese en angs as seuns. Hul ervaar vrese en angs ook meer intens (Austin & Chorpita, 2004:217). Navorsers in Australië het met 'n studie op tweelinge bevind dat genetiese faktore 34% tot 46% bydra tot angstigheid, terwyl spesifieke gebeurtenisse soos trauma of verlies tot die res bydra (Plutchik, 2003:318).

Faktore wat aanleiding gee tot angstigheid is dikwels:

- 'n swak selfbeeld,
- 'n eksterne lokus van kontrole,
- angstige gehegtheid,
- blootstelling aan angstigheid van persone wat omgee,
- verlies of skeiding van persone wat omgee of portuurgroep,
- skoolverwisseling,
- portuurafknouery
- om 'n bekende woonbuurt verlaat.

(Nicolson & Ayers, 2004:77)

### **3.3.2.4 Navorsing oor angs waarby die TAT betrek is.**

In 'n studie deur Phares (1961:258) het hul TAT-response evaluateer van persone met 'n hoë mate van angs teenoor persone in die kontrolegroep wat lae angsvlakte gehad het. Die hipotese was dat angstige persone 'n groter voorkeur sou toon aan TAT-temas wat ongelukkigheid, dreigende elemente of trauma insluit as nie-angstige proefpersone. Uit

die resultate het dit geblyk dat TAT-response wel 'n aanduiding gee of die proefpersone hoë of lae angsvlakke ervaar het.

Howard en Coonerty (1993) het ook bevind dat angsresponse wat verkry is met die Rorschach en TAT 'n beduidende korrelasie getoon het met proefpersone se selfgerapporteerde angstigheid (Ackerman et al., 2001:296).

Dit wil voorkom of daar 'n verband kan wees tussen die angsvlakke van 'n persoon en die TAT-response wat handel oor angsvlakke van dieselfde persoon.

### **3.3.3 Depressie**

#### **3.3.3.1 Die begrip depressie**

Affektiewe disfunksies dui op probleme ten opsigte van 'n persoon se gemoedstoestand. Affektiewe disfunksies staan meestal bekend as depressie. Kliniese depressie word gewoonlik gekenmerk deur 'n gevoel van leegheid en 'n onvermoë om plesier te ervaar uit aktiwiteite en verhoudings (Nielsen, 1996:590). Santrock (2008:347) beskryf depressie as 'n affektiewe disfunksie, 'n toestand waarin die individu ongelukkig voel, gedemoraliseer, selfkritiserend en verveeld is. Die individu voel nie goed nie, verloor gou stamina, toon min motivering en het dikwels 'n swak eetlus en kom lusteloos voor (sien ook paragraaf 3.3.3.2).

Depressie word as volg deur die psigologiewoordeboek gedefinieer:

“n Toestand van intense neerslagtigheid (bedruktheid, terneergedruktheid) wat in die reël gepaard gaan met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale ontrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite. Dit kom of as simptoom by verskeie psigopatologiese toestande voor of as ‘n sindroom” (Plug et al., 1993:60).

Dit is moeilik om depressie tydens adolessensie te diagnoseer, omdat adolessente dikwels buierig is en emosionele wipplank ry selfs in die afwesigheid van depressie (Reutter, 2009:51). Die voorkoms van depressie styg veral gedurende puberteit tot ‘n hoë vlak (Lerner & Steinberg, 2004:263; Rutter & Hay, 1996:412; Steinberg, 2008:461). Volgens Van Voorhees, Paunesku, Gollan, Kuwabara, Reinecke & Basu (2008:504) is depressie tydens adolessensie die grootste enkele bydraende faktor tot selfmoord. Gouws & Kruger (1996:101) meen ook dat die voorkoms van depressie tot so ‘n hoë vlak tydens adolessensie styg dat dit as een van die mees algemeenste psigologiese versteurings van adolessente beskou kan word. Depressie by adolessente kom ook dikwels voor saam met ander disfunksies soos angstigheid en gedragsversteurings (Nicolson & Ayers, 2004:75). Rutter & Hay (1996:412) is ook van mening dat skuldgevoelens ‘n groot rol speel by adolessente met depressieve gevoelens.

Weens die prominente rol van depressie tydens adolessensie is besluit om depressie ook as ‘n kategorie van die objektiewe vorm van die TAT in te sluit. Die TAT is ‘n baie nuttige instrument om inligting te verskaf oor ‘n persoon se lewensuitkyk en houdings (sien paragraaf 2.4.8) en behoort sinvolle inligting te verskaf oor ‘n persoon se depressievlekke. Die moontlikheid bestaan dat die meer objektiewe vorm van die TAT ook inligting sal deurgee oor die mate van depressie wat ‘n persoon ervaar of nie.

### **3.3.3.2 Simptome van sekere depressieve toestande**

Volgens Nicolson & Ayers (2004:75) bestaan depressie uit 'n reeks van simptome, naamlik volgehoue hartseer en moedeloosheid, afnemende belangstelling of genot tydens sosiale, ontspannende en seksuele aktiwiteite, gewigsverlies of -toename, slaapversteurings, tekort aan konsentrasie, besluitloosheid, herhaalde gedagtes oor die dood of selfmoord asook negatiewe sienings oor ander mense, die wêreld en die toekoms. Daar is ook dikwels 'n afname in skolastiese prestasie. Santrock (2008:351) noem dat depressieve adolessente dikwels swart klere dra, gedigte skryf met morbiede temas, of behep is met musiek wat depressieve temas het. Slaaploosheid lei ook daartoe dat adolessente moeilik opstaan in dieoggend, moeg is deur die dag en dan in die dag slaap. 'n Tekort aan motivering en energie lei ook dikwels daartoe dat die adolescent nie klasse bywoon nie. Adolescent depressie kan ook verband hou met substansmisbruik of eetversteurings

### **3.3.3.3 Oorsaaklike faktore wat tot depressie lei**

Depressie is 'n affektiewe disfunksie. Genetiese en omgewingsfaktore kan beide 'n invloed hê op die moontlikheid vir 'n adolescent om kliniese depressie te ontwikkel (Nielsen, 1996:593; Plutchik, 2003:303).

#### Genetiese invloede

Depressie wat reeds vroeg in 'n kind se lewe ontstaan, is dikwels van genetiese oorsprong. Genetiese faktore beïnvloed depressie primêr op twee maniere; eerstens deur die kind se aangebore disposisie en tweedens deur 'n chemiese wanbalans in die brein. Sommige kinders word gebore met disposisies soos melancholie, buierigheid, somberheid, pessimisme, 'n sensitiwiteit vir ander se opinies en sosiale onttrekking.

Hierdie aspekte van 'n kind se aangebore disposisies is 'n vrugbare teelaarde om depressiewe gewoontes te ontwikkel in sy lewensuitkyk en sy interaksie met die wêreld. Kinders wat gebore is met hierdie neurotiese disposisies sal heel moontlik makliker klinies depressief raak as kinders wat gebore is met meer uitlewendie, energieke, stabiele persoonlikheidseienskappe. Neurotiese kinders hanteer stres ook gewoonlik baie slechter as kinders wat energiek en stabiel is (Nielsen, 1996:593).

'n Chemiese wanbalans in die brein kan ook 'n genetiese oorsprong hê wat weer tot depressie kan lei (Nielsen, 1996:593). Die chemiese wanbalans ontstaan as gevolg van 'n vermindering van sekere neuro-oordragstowwe in die brein genaamd serotonien en norepinefrien (Adams, Gullotta & Markstrom-Adams, 1994:502).

### Omgewingsinvloede

Dit is belangrik om in ag te neem dat wat kinders oorgeërf het, gevorm en beïnvloed word deur hulle omgewing. Dit is moontlik vir ouers om 'n kind wat melancholies gebore is, te vorm sodat die gedrag van die kind minder melancholies en buierig word met verloop van tyd. Die volgende faktore dra by tot affektiewe disfunksies (Nielsen, 1996:594).

*Disfunkionele verhoudings binne 'n gesin of familie.* Depressieve toestande by adolessente word al hoe meer geassosieer met verhoogde konflik in die familie, swak gesinsatmosfeer, verwerping deur hulle ouers en vooraf of aanhoudende mishandeling (Lerner & Steinberg, 2004:611). Nielsen (1996:594) is van mening dat in vergelyking met psigologiese goed aangepaste adolessente, depressieve adolessente meer dikwels uit gesinne kom waar die ouers ongelukkige huwelike het. Plutchik (2003:303) noem verder dat egskeiding dikwels vir die ontstaan van depressie simptome by adolessente verantwoordelik is.

*Aangeleerde hulpeloosheid.* Individue raak dikwels depressief wanneer hul blootgestel word aan negatiewe ervaringe waарoor hul geen beheer gehad het nie, byvoorbeeld langdurige stres of hartseer (Santrock, 2001:349). Hulle blameer dan hul gevoelens op ander of eksterne faktore (Nielsen, 1996:594).

*Depressiewe ouers.* ‘n Groot persentasie kinders word reeds van kleins af aan depressiewe simptome blootgestel in gevalle waar die moeder aan nageboortelike depressie ly. Navorsing het getoon dat kinders met depressiewe ouers meestal aanpassingsprobleme en depressiewe simptome toon (Santrock, 2008:349). Volgens Nielsen (1996:595) kan depressie in ‘n kind se latere lewe voorspel word deur te let op die ma se depressiewe toestand, veral haar depressie gedurende die eerste paar jare van die kind se lewe.

*Tekort aan vriende.* Die vraag ontstaan of ‘n adolescent depressief word omdat hy nie vriende het nie en of dit eerder ‘n geval is dat hy as gevolg van ‘n depressiewe gemoedstoestand sukkel om vriendskappe te bou. Hoe dit ook al sy, dit wil voorkom asof depressieve adolescente oor die algemeen minder sosiale vaardighede en volwassenheid besit om voldoende vriendskapsbande te vestig (Nielsen, 1996:595). Santrock (2001:492) noem ook dat navorsing getoon het dat slagoffers van boelies dikwels depressief word en dit neem toe in hulle twintigerjare. Hulle toon ook ‘n laer selfkonsep as hulle portuurgroep.

*Ervaring van ‘n verlies.* Die ontstaan van depressie of die toename daarvan, kom dikwels voor wanneer ‘n persoon iemand of iets baie belangrik verloor het (Nielsen, 1996:595; Plutchik, 2003:303). Dit kan die dood van ‘n geliefde wees; ‘n egskeiding wat die adolescent se kontak met ‘n ouer beëindig; die opbreek van ‘n liefdesverhouding of selfs die einde van ‘n vriendskap (Nielsen, 1996:595). Die opbreek van ‘n liefdesverhouding kan vir die adolescent baie stresvol wees en lei tot intense negatiewe

emosies en selfs depressiewe simptome (Lerner & Steinberg, 2004:615). Nielsen (1996:595) verduidelik verder dat depressie ook kan ontstaan as gevolg van die verlies van sosiale status soos om uit 'n netbalspan gelaat te word; nie vir die leerlingraad gekies te word nie, of nie na partytjies genooi te word nie.

Dit is belangrik om in ag te neem dat nie alle mense wat verliese beleef klinies depressief word nie. Die mense wat negatief reageer op gebeurtenisse, is gewoonlik mense wat sensitief en broos is, as gevolg van vorige ervarings in hulle lewe (Plutchik, 2003:303).

### **3.3.3.4 Navorsing oor depressie waarby die TAT betrek is**

'n Studie van Coche & Sillitti (1983:41) is uitgevoer om te bepaal of die TAT 'n bruikbare instrument is om die vordering van psigoterapie by pasiënte met depressie te meet. Die resultate was oorheersend positief. Uit die navorsing kon die gevolgtrekking gemaak word dat die TAT moontlik gebruik kan word om die uitkoms van die behandeling van depressiewe persone te meet. Dit is moontlik dat die TAT 'n nuttige toevoeging kan wees tot die instrumente wat klinici kan gebruik in die behandeling van depressie.

## **3.3.4 Interpersoonlike verhoudinge**

### **3.3.4.1 Die begrip interpersoonlike verhoudinge**

Volgens Schaffer (2004:85-87) ontstaan verhoudings op 'n indirekte wyse sonder dat 'n persoon daarvan bewus is. 'n Persoon word bewus van die interaksies met mense soos aanraking, soenery, gesels, skree, slaan en ander sigbare en hoorbare handelinge. Wanneer interaksies konstante opeenvolging oor 'n tydperk toon, kan

besluit word watter tipe verhouding bestaan. ‘n Verhouding waarin die ouer aanhoudend sy kind oor ‘n tydperk slaan, kan beskryf word as ‘n mishandelende verhouding met die kind. Dit is ook belangrik om te besef dat verhoudings nie in isolasie funksioneer nie. As daar konflik is tussen die ma en die pa, gaan dit heel waarskynlik ook ‘n invloed hê op hul verhouding met hul kinders. Die ouer-kind verhouding word oor die algemeen negatief beïnvloed as huwelikskonflik teenwoordig is.

Verhoudings kan in twee kategorieë geklassifiseer word naamlik:

- *Vertikale verhoudings.* Hierdie verhoudings word gevorm met ‘n persoon wat meer kennis en gesag het as die kind, dit is meestal met ‘n volwasse persoon soos ‘n ouer of onderwyser. Die volwasse persoon is oor die algemeen in beheer en die kind is ondergeskik, of te wel, die kind vra vir hulp of leiding en die volwasse persoon verskaf dit.
- *Horizontale verhoudings.* Dit is meestal die verhouding tussen individue met dieselfde sosiale gesag. Dit is ‘n meer samewerkende verhouding waar die een op die ander se gedrag reageer.

(Schaffer, 2004:113)

Die meeste adolesente ervaar interpersoonlike verhoudingsprobleme met byvoorbeeld hul ouers, broers en susters, vriende, portuurgroep, spesiale vriend/in en persone in gesagsposisies (Nicolson & Ayers, 2004:59).

Spesifieke manifestasies van adolesente se verhoudingsprobleme is die volgende:

- Argumente met ouers wat lei tot gevoelens van woede, depressie en verwerping.
- Jaloesie en twis tussen byvoorbeeld broers en/of susters en portuurgroep.

- Idealisering van 'n persoon, soos 'n oom wat as wonderlik beskou word in teenstelling met sy eie ouers.
- Sosiale isolasie en eensaamheid.
- Kom peterende of ontrekende gedrag; soms is hulle oormatig skaam of behep met die portuurgroep.
- Opposisie en opstandigheid teenoor persone in gesagsposisies.

(Nicolson & Ayers, 2004:59-60)

### **3.3.4.2 Die vernaamste verhoudinge van die adolescent**

#### Verhouding met die familie/gesin

'n Familie/gesin kan gesien word as 'n sosiale sisteem wat 'n stel reëls daarstel, wat rolle bepaal en toeken. Die sisteem verskaf 'n gesagstruktuur en dien as voorbeeld vir strategieë om onderlinge verskille op te los (Nicolson & Ayers, 2004:115). Volgens Henry (2006:46) het navorsing aangetoon dat die aanvanklike gesinsomgewing 'n vername voorspeller is vir beide kognitiewe en sosio-emosionele vermoëns van kinders. Die gesin is ook die belangrikste faktor in die mens se vaardighedsontwikkeling. Schaffer (2004:87) noem dat die gesin die basiese oorsprong is waar die meeste kinders bekendgestel word aan die sosiale lewe. Dit is die sisteem waar reëls van interpersoonlike gedrag verkry word en altyd sal dien as veilige basis wanneer hulle te doen kry met die oorweldigende wêreld daarbuite. Die familie/gesin kan om die rede beskryf word as 'n komplekse sisteem waarin daar aan die kind en adolescent 'n basis van stabiliteit en kontinuïteit gegee word (Fuligni & Eccles, 1993:628).

Die gesin speel 'n vername rol ten opsigte van die adolescent se huidige en toekomstige aanpassing. Ouers oefen ook 'n groot invloed uit op die keuse van hulle adolescentse kinders se vriendskappe. Demokratiese, ontvanklike ouers wat nie te veel kontroleer of totaal onbetrokke is nie, ondervind gewoonlik dat hulle adolescentse kinders geheg is aan hulle en hulle waardestelsel internaliseer. Hierdie adolescentse het nie nodig om te rebelleer of uit desperaatheid, aanvaarding van ander buite die gesin te gaan soek nie (Fuligni & Eccles, 1993: 628). Hoewel die interaksie tussen die adolescent en sy ouers afneem tydens puberteit, bly die invloed wat die ouers op die adolescent het steeds hoog (Adams et al., 1994:64).

### Verhouding met die portuurgroep

Namate die adolescent meer onafhanklik van sy ouers word, begin hy al meer tyd saam met die portuurgroep spandeer en wend hy hom ook meer na die portuurgroep vir ondersteuning en soeke na sy eie identiteit (Smith, Cowie & Blades, 1998:254). Uit vriendskappe en die portuurgroep leer die adolescent om waardering en aanvaarding te ervaar. Die individu vorm dan 'n positiewe selfbeeld byvoorbeeld "Hulle hou van my – ek moet seker oulik wees". Die individu leer ook binne die portuurgroep watter sosiale rolle vir hom toepaslik is om aan te neem. Hy kan dan besluit of hy byvoorbeeld die identiteit as leier of volgeling wil aanneem (Schaffer, 2004:115-116). Erikson (1968) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die portuurgroep aan die adolescent konstruktiewe terugvoer en inligting gee ten opsigte van selfdefinisie (Adams et al., 1994:94).

Portuurgroepverhoudings kan op sosiale en intellektuele vlak 'n bydra lewer tot die individu se ontwikkeling. Op 'n sosiale vlak word die adolescent primêr bewus van homself in die konteks van verhoudings, aanvanklik met die ouers en dan toenemend meer met die portuurgroep (Schaffer, 2004:115). In die portuurgroep vind die adolescent ondersteuning en leiding terwyl hy sy ouers as ouoritêr beleef (Adams et

al., 1994:94). Volgens Louw et al. (1998:460) hou vriendskapsverhoudinge in die portuurgroep die volgende voordele in:

- Hegte vriendskappe help tieners om stressors wat tipies van adolessensie is, te hanteer.
- Hegte vriendskappe werk vereensaming en isolasie teë en lewer 'n bydrae tot die adolessent se selfkonsepontwikkeling.
- Selfopenbaring en eerlike kommunikasie tussen hegte vriende skep ook geleenthede vir adolessente om nie net hulself te leer ken nie, maar ook om sensitief te wees teenoor ander. Hierdie vaardighede speel 'n rol in hulle identiteitsontwikkeling en hulle openbaring van empatie.
- Die blote feit dat 'n kind aan 'n portuurgroep behoort, beteken dat hy sekere norme van voorkoms en gedrag en uiteindelik morele waardes van die portuurgroep sal volg.

(Schaffer, 2004:116)

### **3.3.4.3 Navorsing oor interpersoonlike verhoudinge waarby die TAT betrek is.**

Daar is net een ondersoek gevind oor interpersoonlike verhoudinge waarby die TAT betrek is, maar uit die enkele ondersoek wil dit voorkom of die moontlikheid bestaan om aspekte van interpersoonlike verhoudinge met behulp van die TAT te toets.

Jenkins (2003:1-2) het 'n studie onderneem om te bepaal of daar 'n verband is tussen stories oor die TAT en verhoudingspatrone. Daar is aan 82 persone gevra om stories te vertel oor Kaarte 1, 2, 3BM, 4 en 13MF. Die inligting uit die response op die TAT het goed vergelyk met inligting van ander meetinstrumente soos die "Interpersonal Scenario

*Scoring System*" (IPSS). Die persone uit die "goeie verhouding-kategorie" se inligting uit die stories van die TAT het byvoorbeeld grootliks ooreengestem met die inligting wat verkry is van die IPSS.

### **3.3.5 Selfkonsep**

#### **3.3.5.1 Die begrip selfkonsep**

Selfkonsep is die beeld wat 'n persoon van homself het. 'n Persoon se selfkonsep is uniek, persoonlik en betekenisvol vir die spesifieke persoon en kan gesien word as die kern van 'n persoon se persoonlikheid (Gouws & Kruger, 1996:6). Dit is die antwoord op "Wie is ek?" (Schaffer, 2004:309). Osborn (1996) omskryf selfkonsep as die somtotaal van 'n persoon se eienskappe, vermoëns, houdings en waardes wat hy gebruik om homself te definieer (Bester, 2003:157).

Volgens Gouws & Kruger (1994:6) kan die elemente van die selfkonsep uitgebeeld word soos in Figuur 4.



**Figuur 4 Selfkonsep (Gouws & Kruger, 1994:6)**

Die belangrikheid van hierdie elemente sal moontlik verskil van persoon tot persoon, maar die geheel word altyd beïnvloed deur die evaluering van die spesifieke dele. Fluktuasies in omstandighede en ander persone se reaksies beïnvloed die instandhouding en veranderings in 'n persoon se selfkonsep (Gouws & Kruger, 1994:7).

'n Persoon se selfkonsep ontwikkel geleidelik deur verskillende fases vanaf babajare tot volwassenheid. Selfevaluering en selfkritiek word meer intens gedurende adolesensie wanneer adolesente met die vraag: "Wie is ek?" worstel en hulleself voortdurend meet aan die norme en waardes van die samelewing (Gouws & Kruger, 1994:6). Tydens vroeë adolesensie is adolesente ook meer geneig om probleme met hulle selfkonsep en psigologiese welstand te ervaar as in ander stadiums (Adams et al. 1994:265).

Die adolesente met 'n hoë selfkonsep word meestal geassosieer met 'n positiewe psigologiese welstand. Psigologiese welstand sluit komponente in soos; selfwaarde, selfvertroue, positiewe siening oor sy vermoë om goed te presteer, bekwaamheid en 'n innerlike tevredenheid met homself (Adams et al., 1994:252). Nicolson & Ayers (2004:64) is van mening dat adolesente met 'n hoë selfkonsep ook meestal 'n sterk ego het en dat hierdie adolesente angs en die eise van die alledaagse lewe beter hanteer as adolesente met 'n lae selfkonsep. Adolesente met 'n lae selfkonsep het dikwels nie die vermoë om alledaagse eise te hanteer nie en maak dan eerder gebruik van verdedigingsmeganismes, wat verhoed dat die adolescent emosioneel groei en ontwikkel.

Een van die verdedigingsmeganismes wat moontlik gebruik kan word is projeksie. Die TAT het huis ten doel om 'n persoon te lei om onbewustelik iets van homself te reflekteer byvoorbeeld: vrese, verwagtinge, wense, konflik en motiewe (Hock, 1995:389). Met die TAT vergeet die persoon van sy sensitiewe self en die nodigheid om dit te verdedig (sien paragraaf 2.4.5). Onbewustelik verskaf hy dan inligting oor die karakter in die prent wat eintlik op homself van toepassing is (Murray, 1943:3). Die vraag ontstaan of dit ook in die geval met 'n meer objektiewe vorm van die TAT sal wees?

### **3.3.5.2 Faktore wat 'n rol speel in die ontwikkeling van die selfkonsep**

Selfkonsep is dinamies en daarom kan dit met verloop van tyd verandering toon. Die volgende faktore speel volgens Nicolson & Ayers (2004:63-64) 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die adolescent se selfkonsep:

- Die vermoëns van die adolescent, byvoorbeeld intellektuele, fisiese of kunssinnige vermoëns.
- Ouers se liefde, betrokkenheid en aanvaarding.

- On/realistiese verwagtings van ouers of onderwysers.
- Positiewe/negatiewe ingesteldheid van die adolescent.
- Aanvaarding deur die portuurgroep.

Die mate van sukses of mislukking wat 'n persoon beleef, het ook 'n groot invloed op die persoon se selfkonsepvorming. Indien daar byvoorbeeld 'n hoë waarde gekoppel word aan die suksesvolle voltooiing van 'n sekere taak, sal die sukses of mislukking wat die persoon beleef 'n beduidende invloed op sy selfkonsep uitoefen. Mislukking in die sekere gebied kan daartoe bydra dat die persoon sy negatiewe selfevaluering oor die spesifieke area oordra na ander nieverwante areas en dus dieselfde negatiewe waarde daaraan heg, terwyl sukses in dieselfde area weer kan lei tot 'n positiewe selfevaluering van die persoon se vermoëns in ander areas (Gouws & Kruger, 1996:92).

Een van die belangrikste faktore wat bydra tot die ontwikkeling van 'n kind se selfkonsep is die rol van ouers. Santrock (2008:381) noem dat seuns met 'n hoë selfkonsep se ouers dikwels:

- Hulle gevoelens uitdruk.
- Besorgd is oor die kind se probleme.
- Sorg vir harmonie in die huis.
- Familie aktiwiteite reël.
- Beskikbaar is om sinvolle hulp te gee wanneer die kind dit nodig het.
- Duidelike en regverdigte reëls stel.
- Reëls in stand hou en konsekwent straf indien dit nie nagekom word nie.
- Die kind vryheid gun binne duidelike grense.

Die adolescent se ouers speel steeds 'n baie belangrike rol in sy lewe, hoewel die adolescent meer identifiseer met sy portuurgroep as met sy ouers.

### **3.3.5.3 Navorsing oor selfkonsep waarby die TAT betrek is**

Schuba (1992:12) het 'n studie onderneem om te bepaal wat die verskil is tussen kinders se persepsies van hulself en dié van ander. Die eksperimentele groep was kinders wat fisies/seksueel mishandel is teenoor die kontrole groep kinders wat nie mishandel is nie. Die TAT response het beduidende verskille getoon tussen die mishandelde en nie-mishandelde kinders se selfpersepsies en hul persepsies oor ander. Die studie het ook die sensitiwiteit en waarde van die gebruik van projeksiotoetse om mishandelde kinders te assesseer beklemtoon.

Indien die TAT effektief gebruik kan word om inligting te verskaf oor kinders se selfpersepsies, kan afgelei word dat daar 'n moontlikheid bestaan dat 'n meer objektiewe vorm van die TAT ook waarskynlik inligting sal verskaf oor 'n persoon se persepsie oor homself.

## **3.3.6 Aggressie**

### **3.3.6.1 Die begrip aggressie**

Lerner & Steinberg (2004:630) definieer aggressie as gedrag wat opsetlik is, met die intensie en behoefte om ander persone of voorwerpe fisies te beseer of te benadeel. Bowie (2007:107-111) neem die definisie verder en beskryf aggressie nie net as 'n fisiese handeling nie, maar ook die manipulering van 'n sosiale verhouding. Hierdie manipulering word ook beskryf as verhoudingsaggressie of indirekte aggressie.

Voorbeeld van verhoudings aggressie, is om vriendskap te weerhou, skinderstories te vertel of om die persoon uit te sluit uit 'n vriendekring. Verhoudingsaggressie word gebruik om skade te verrig aan 'n persoon se sosiale verhoudings of sosiale status (Bowie, 2007:111; Steinberg, 2008:189). Dit wil voorkom asof meisies meer dikwels hul aggressie so uitleef, terwyl seuns baie meer op die fisiese dominering of benadeling van die persoon fokus, wat ook as direkte aggressie bekend staan.

Nicolson & Ayers (2004:83) beskryf nog 'n paar verskillende vorme van aggressie. Dit sluit in verdedigende aggressie (waar die persoon se intensie alleenlik is om homself te verdedig), instrumentele aggressie (die doel is meestal om ander persone of eiendom deur die aggressie te na te kom), nie-gesosialiseerde aggressie (veral by alleenlopende individue), en gesosialiseerde aggressie (waargeneem by individue wat sosiale verhoudings manipuleer) wat aansluit by verhoudingsaggressie.

### **3.3.6.2 Eienskappe van die aggressiewe adolessent**

Volgens Nicolson & Ayers (2004:84) toon adolessente met hoë vlakke van aggressie die volgende waarneembare eienskappe:

- Daar is 'n geneigdheid om ander persone te blameer en ander te sien as ongeskik.
- Lae frustersie toleransie, hulle is geïrriteerd, opstandig, uittartend en toon meestal onvoorspelbare gedrag.
- Moontlike boelie-gedrag, diefstal, vandalisme en wreedheid.
- Hulle word dikwels deur die portuurgroep verwerp, andersins sukkel hulle om portuurgroepverhoudinge te handhaaf.

- ‘n Swak selfbeeld.
- Daar is ook dikwels ‘n oorvleueling met aandagafleibaarheid-en-hiperaktiwiteit sindroom (ADHD), alkoholmisbruik, leerprobleme, disleksie en akademiese onderprestasie.

Dit wil voorkom asof die aggressiewe adolessent meestal nie net aggressie in isolasie ervaar nie, maar dat die aggressie moontlik die gevolg van ander gedragsdisfunksies is of daartoe aanleiding gee.

### **3.3.6.3 Faktore wat tot aggressie bydra tydens adolessensie**

Navorsing toon dat aggressiewe of gewelddadige adolessente gebore word met ekstroverte, emosioneel onstabiele geaardhede. Selfs as jong kinders was hierdie adolessente impulsief, oorsensitief en baie lewendig. Aangesien aggressiewe adolessente dikwels reeds voorskools meer uittartend en aggressief is as ander kinders, is die huidige siening dat aggressie veroorsaak word deur ‘n kombinasie van aangebore temperament, onvoldoende ouerskap, spanning in die familie en armoede. Aggressiewe adolessente is ook dikwels fisies of seksueel mishandel as kinders en het dikwels in gebrekkige omstandighede groot geword (Nielsen, 1996:168).

Hoewel fisies aggressiewe adolessente meestal verwerp word deur hul portuurgroep, kan ‘n volgehoue vriendskap met ander aggressiewe maats in sy portuurgroep die adolessent se aggressievlekke verhoog. Navorsing deur Werner en Crick (2004) het gevind dat dogters wat bevriend is met adolessente wat aggressie toon in hul verhouding, hoër vlakke van verhoudingsaggressie ‘n jaar later getoon het (Bowie, 2007:110).

Nog 'n bydraende faktor tot aggressie is die neurologiese disfunksie, aandagafleibaarheid-en-hiperaktiwiteitsindroom (ADHD). ADHD kan bydra tot aggressiewe uitdagende gedrag en het 'n noue verbintenis met adolessente se wangedrag, geweld en aggressie (Nielsen, 1996:168).

Lerner en Steinberg (2004:639) is ook van mening dat 'n lae intelligensie en lae akademiese prestasie kan bydra tot aggressie tydens adolessensie.

### **3.3.6.4 Navorsing oor aggressie waarby die TAT betrek is**

Volgens Matranga (1976:130) het 'n aantal studies gevind dat daar 'n negatiewe verband bestaan tussen TAT-response wat aggressie impliseer en die aggressie wat 'n persoon werklik openbaar (Feshback, 1955; James & Mosher, 1967; Lesser, 1958, 1965; Mussen & Naylor, 1954; Schafer & Norman, 1967). Ander navorsing het weer 'n positiewe verband getoon tussen TAT-response en werklike aggressiewe gedrag (James & Mosher, 1967; Kagen, 1956, Mussen & Naylor, 1954). Daar is ook navorsing wat geen verwantskap kon vind tussen 'n persoon se aggressiewe gedrag en TAT-response nie (Coleman, 1967; Murstein, 1968). In 'n studie waarin jeugdige misdadigers as proefpersone gebruik is, het Cowden, Basset en Cohen (1969) bevind dat daar 'n omgekeerde verwantskap is tussen aggressie waарoor 'n persoon fantaseer en werklike aggressiewe gedrag. Persone met ernstiger aggressiewe gedrag het minder gefantaseer oor aggressie as oortreders wat nie hul aggressie uitleef nie.

In 'n eie ondersoek het Matranga (1976:133) 'n verwantskap tussen aggressiewe gedrag en vyandige response op die TAT bepaal. Die steekproef het bestaan uit 76 seuns wat deur die howe geplaas is in die *Maryland Training School for Boys*, Baltimore, Maryland. Beraders het 2 vorms voltooi oor die leerders: 'n gedrags-puntetoekenning skaal en 'n gedrags-afmerklys. Die 5-punt puntetoekenning skaal was

ontwerp om fisiese en verbale aggressie te meet. Die afmerklys het bestaan uit 10 voorbeeld van aggressiewe gedrag. Die TAT is gekies as maatstaf vir die leerlinge se aggressie-fantasie, aangesien die TAT in vorige soortgelyke studies effektief daarvoor gebruik is (Feshback,1955; James& Mosher, 1967; Lesser, 1958, 1965; Mussen & Naylor, 1954; Schafer & Norman, 1967). Ses TAT kaarte is gebruik: vier wat aggressiewe response kan ontlok (3BM, 8BM, 12M, 13MF) en twee kaarte met neutrale temas wat gewoonlik nie aggressie ontlok nie (18BM, 15). TAT response is bereken vir aggressie volgens 'n sisteem wat ontwikkel is deur Hafner en Kaplan (1960). Tellings in Hafner en Kaplan se sisteem is gebaseer op die mate waarin daar aggressie in 'n storie voorkom (0 – geen aggressie, 4 – hoë mate van aggressie)

Slegs die negatiewe korrelasie (-0,4) tussen die TAT-telling en aggressiwiteit (met die vraelys gemeet) was beduidend ( $p<.001$ ). Daar moet egter in ag geneem word dat die omgekeerde verwantskap tussen die TAT response en die gedragspuntetoekening skaal 'n korrelasie van -0,21 getoon het wat redelik na aan statistiese beduidenheid was ( $p=0,07$ ) (Matranga, 1976:132). Die studie se resultate dui op 'n omgekeerde verwantskap tussen die vlakke van aggressiewe gedrag in adolesente seuns en response op kaarte van die TAT wat moontlik aggressie kan aandui (Matranga, 1976:133).

Die moontlikheid dat 'n negatiewe korrelasie verwag kan word tussen die TAT response en persone met aggressiewe gedrag kan moontlik toegeskryf word aan die Inhiberende effek waar die toetsling moontlik besef dat hy aggressief is, maar bewus daarvan is dat aggressie nie aanvaarbaar in die samelewing is nie. Gevolglik kom aggressie eerder passief voor in situasies waar konflik verwag word (sien paragraaf 2.4.3) of die aggressiewe word in fantasie uitgeleef. Die persoon sal nie aggressiewe gedrag beoefen nie, terwyl sy TAT-response wel aggressie neigings sal impliseer. Fantasie is dan 'n plaasvervanger vir die persoon se gedrag (Matranga, 1976:130).

### **3.4 GEVOLGTREKKING**

In hierdie hoofstuk is die adolescent bespreek asook van die vernaamste affektiewe faktore wat 'n invloed op adolescentse ontwikkeling het. Hierdie faktore is stres, aggressie, selfkonsep, interpersoonlike verhoudinge, depressie en angs.

Min navorsing is reeds gedoen oor die analisering van affektiewe veranderlikes met behulp van die TAT. Slegs enkele studies is opgespoor waar die TAT gebruik is om inligting oor angs, depressie, interpersoonlike verhoudings, selfkonsep en aggressie te verkry. Geen navorsingsgegewens kon gevind word oor die gebruik van die TAT om stres te analyseer nie. Navorsing oor stres met behulp van die Rorschach, wat ook 'n projeksietoets is, kon strestoleransie voorspel. Die moontlikheid bestaan dat die TAT ook gebruik kan word om 'n aanduiding vir stres te verkry. In die meeste studies waar die TAT gebruik is om uitspraak oor affektiewe veranderlikes te lewer, is kinders of volwassenes as proefpersonne gebruik. Min navorsing is spesifiek op adolescentse gemik. Hoewel Osborn (1996:48) meen dat die TAT 'n gewilde psigologiese instrument is wat by adolescentse gebruik kan word, bestaan daar 'n leemte ten opsigte van navorsingsgegewens in die verband.

Die empiriese navorsing wat in hierdie ondersoek beplan word, behoort hopelik lig te werp op die moontlike gebruik van 'n meer objektiewe vorm van die TAT en hoe dit met die spesifieke affektiewe veranderlikes tydens adolescentie verband hou. Die wyse waarop die empiriese ondersoek beplan en uitgevoer is, word in die volgende hoofstuk bespreek.

## HOOFSTUK 4

### DIE METODE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsverloop van die empiriese ondersoek uiteengesit. Die doel van die empiriese ondersoek is om 'n objektiewe vorm van die TAT voorlopig te standaardiseer. Die doel van die ondersoek is ook om vas te stel hoe akkuraat so 'n objektiewe meetinstrument tipiese gedragskonstrukte van die adolescent meet. Sodanige konstrukte is angs, depressie, stres, aggressie, interpersoonlike verhoudings en selfkonsep wat in die literatuurstudie geïdentifiseer is.

Die steekproef sal in die hoofstuk bespreek word om sodoende inligting deur te gee oor die proefpersone se geslag, graad, huistaal en die provinsies waaruit die steekproef geneem is. Die ontwikkeling van die meetinstrument word ook bespreek. Daar word gelet op die meting van die veranderlikes: angs, depressie, stres, aggressie, interpersoonlike verhoudings en selfkonsep. Uit die literatuurstudie wat in hoofstuk 3 uiteengesit is, het dit na vore gekom dat hierdie affektiewe konstrukte tot 'n groot mate met die affektiewe belewing en gedrag van adolescentte verband hou. Die struktuur van die vraelys word bespreek, asook hoe die items vir die vraelys ontwikkel is. Laastens word daar gelet op die prosedure wat gevolg is om die vraelyste af te neem tydens die empiriese ondersoek.

## **4.2 NAVORSINGSONTWERP**

Die navorsingsontwerp wat gebruik is, sal vervolgens bespreek word. Dit sluit die steekproef, die meetinstrumente en die navorsingsprosedure in.

### **4.2.1 Die steekproef**

Daar is besluit om adolessente in alle grade op hoërskoolvlak as proefpersone te gebruik. Beide seuns en dogters is in die ondersoek betrek. Die vraelys was beskikbaar in Engels en Afrikaans om sodoende beide taalgroepe te betrek en die toets so kultureel verteenwoordigend moontlik te maak. Daar moet in ag geneem word dat 34 leerlinge nie hul graad of geslag aangedui het nie en daar dus net 354 leerlinge se inligting beskikbaar is, hoewel die totale steekproef uit 378 leerlinge bestaan (sien tabel 4.1).

**Tabel 4.1: Getal leerders en die geslag van die leerders in elke graad**

	Graad 8	Graad 9	Graad 10	Graad 11	Graad 12	Totaal
Seuns	2	4	29	82	34	151
Dogters	15	18	24	117	29	203
Totaal	17	22	53	199	63	354

Die gemiddelde ouderdom van die proefpersone was 16,70 jaar met 'n standaardafwyking van 4,08.

Die vraelys is by verskeie skole afgeneem. Daar is gebruik gemaak van studente wat besig is/was met 'n Nagraadse Voorligtingkursus by Unisa en het deel uit gemaak van hul praktiese opleiding. Daar is aan die studente gevra om 'n skool in hul omgewing op 'n ewekansige wyse te kies en daarna die skool te nader ten einde toestemming te verkry om die vraelyste daar af te neem. By elke skool is ongeveer 15 tot 20 leerders betrek. Die verspreiding van die skole word volgens provinsie aangedui (sien tabel 4.2) Sommige provinsies het minder proefpersone omdat van die vraelyste geëlimineer moes word weens die onvolledige voltooiing daarvan.

Aangesien daar nie voldoende voltooide vraelyste was nie, is vraelyste ook afgeneem by 'n skool in die Vaaldriehoek. By die skool is leerlinge ewekansig in elke graad gekies. Dit verklaar die groot hoeveelheid in die Gauteng provinsie.

Tabel 4.2 toon die huistaal van die leerders sowel as die provinsie waarin hulle hul bevind. Daar moet egter in ag geneem word dat 34 leerlinge nie hul huistaal of provinsie aangedui het nie en daar dus net 354 leerlinge se inligting beskikbaar is, hoewel die totale steekproef uit 378 leerlinge bestaan.

**Tabel 4.2: Huistaal van die leerders in onderskeie provinsies.**

Provinsie	Afrikaans	Engels	Afrika-taal	Totaal
Gauteng	152	42	20	214
Limpopo	0	0	2	2
Mpumalanga	3	16	16	35
Noord-Wes	7	1	0	8

Provinsie	Afrikaans	Engels	Afrika-taal	Totaal
Vrystaat	3	0	0	3
KwaZulu Natal	0	21	24	45
Oos Kaap	0	0	11	11
Wes Kaap	25	0	1	26
Noord Kaap	10	0	0	10
Totaal	200	80	74	354

#### 4.2.2 Meetinstrumente

Daar is reeds in hoofstuk 1 genoem dat daar 'n behoefté aan 'n meetinstrument bestaan wat 'n meer objektiewe vorm van die TAT is (sien paragraaf 1.1). 'n Objektiewe vorm van die TAT impliseer dat die response nie oop is soos by die algemene TAT nie. Die moontlike response is egter meer beperk met 'n objektiewe vorm. Gevolglik is besluit om op die mees algemene konstrukte te fokus wat tydens adolessensie voorkom naamlik: angs, depressie, selfkonsep, aggressie, interpersoonlike verhoudings en stres.

Daar is besluit om gebruik te maak van 'n objektiewe vraelys van die TAT wat deur Bester (2005) ontwikkel is. Die items vir die toets is slegs ontwikkel, maar geen psigometriese data daarvan is verkry nie (sien bylaag B).

#### **4.2.2.1 Die ontwikkeling van die meetinstrument**

Die meetinstrument bestaan uit twee dele, naamlik die Gestruktureerde Objektiewe TAT (GOTAT) en 'n Kontrole vraelys (KV). Die GOTAT is 'n projeksietoets en meet die volgende veranderlikes: angs, aggressie, selfkonsep, depressie, stres en interpersoonlike verhoudinge. Die KV meet aggressie, selfkonsep, stres en interpersoonlike verhoudinge, maar is nie 'n projeksietoets nie.

##### Die struktuur van die GOTAT

Die GOTAT bestaan uit nuut ontwikkelde items wat deur Bester (2005) opgestel is (sien bylaag B vir voorbeeld van items). Daar is van 6 kaarte van die TAT gebruik gemaak. Daar is op die spesifieke kaarte van die TAT besluit, aangesien die stimuluswaarde van die kaarte hoog is in terme van die konstrukte wat gemeet word. Die kaarte leen hul ook meer tot response oor menslike verhoudings en emosionele gedrag. Van die kaarte wat uitgelaat is, was of te somber en/of het te min stimuluswaarde gehad vir die verskeidenheid emosionele aspekte wat gemeet wou word.

Kaart 1 is 'n voorstelling van 'n jong seun wat na 'n viool kyk wat voor hom op die tafel rus (Murray, 1943:21). Hierdie kaart gee 'n aanduiding van hoe 'n nuwe situasie benader word. Die situasie kan moontlik intellektueel, emosioneel, aktief of passief aangepak word. Die wyse waarop die toetsling met die seun identifiseer en hoe hy die viool sien, verskaf inligting aan die toetsafnemer oor hoe die toetsling alledaagse uitdagings en situasies aanpak. Die mate waartoe die seun aanvaar word, gee 'n aanduiding van die toetsling se selfkonsep en ontvanklikheid tot interpersoonlike verhoudings. Depressie kom ook dikwels na vore wanneer daar gelet word na die houding teenoor die samelewning (Du Toit & Piek, 1974:45). Kaart 1 is ingesluit in die vraelys aangesien daar heelwat inligting verkry kan word oor konstrukte soos selfkonsep, interpersoonlike verhoudings en depressie. Daar kan ook by die toetsling

elemente deurskemer van angs, aggressie en stres as hy projekteer oor hoe hy nuwe situasies aanpak en hoe hy die verwagtinge van die samelewing ervaar.

Kaart 4 stel 'n vrou voor wat 'n man se skouers vashou. Die man se gesig en lyftaal duif op afkeer en vasberadenheid asof hy probeer om uit haar greep los te kom (Murray, 1943:21). Hierdie kaart se response gee inligting deur oor hoe sosiale verhoudings ervaar en hanteer word. Die kaart kan ook moontlik emosies ontlok soos aggressie en angs. Om hierdie redes is die kaart ingesluit in die vraelys.

Kaart 5 is 'n middeljarige vrou wat in die opening van 'n halfoop deur staan en in die kamer inkyk (Murray, 1943:21). Hierdie kaart kan 'n aanduiding gee van hoe die toetsling die gedrag van die sleutelfiguur ervaar. Sien hy die persoon as iemand wat hom wantrou of moontlik 'n bron van konflik? Hierdie kaart het hoë stimuluswaarde vir sosiale verhoudings. Uit die sosiale verhouding tussen die sleutelfiguur en die toetsling kan ook gedrag soos angs, stres en aggressie na vore kom.

Kaart 6BM is 'n voorstelling van 'n kort ouerige vrou wat met haar rug gedraai staan na 'n lang jongman. Die jongman kyk af met 'n verwonde uitdrukking op sy gesig (Murray, 1943:22). Hierdie kaart impliseer die moeder/seun-verhouding. Sukses van emansipasie kan ook hier aangedui word, of die teenoendeel. Die wyse waarop die moeder die kind hanteer kan soms afgelei word ten opsigte van oorbeskerming, hantering deur middel van skuldgevoelens en afsydigheid (Du Toit & Piek, 1974:47). Hierdie kaart kan ook moontlik inligting deurgee oor angstigheid en/of depressie vir die toetsdoeleindes.

Kaart 7BM stel 'n man met grys hare voor wat kyk na 'n jonger man wat stuurs staar na niks (Murray, 1943:22). Hierdie kaart ontlok gevoelens oor die vader/seun-verhouding.

Die toetsling se lewenshouding teenoor oueriteit kan ook afgelei word (Du Toit & Piek, 1974:49). Kaart 7BM is ook 'n kaart wat heelwat response kan uitlok betreffende aggressie, depressie en angs betreffende interpersoonlike verhoudings.

Kaart 13MF beeld 'n situasie uit waar 'n man kop geboë staan met sy arm oor sy gesig. Agter hom is die figuur van 'n vrou wat op 'n bed lê (Murray, 1943:23). Die seksuele implikasie van kaart 13MF is onvermydelik. Verskillende fasette gee inligting oor hoe manlike of vroulike seksualiteit beleef word, en die rolle aanvaar word. Die boeke op die tafel gee geleentheid om skuldgevoelens in te bring deur die boeke as Bybels te sien. Dit is ook beduidend om te let op wie die blaam ontvang. Elemente van verwering kan na vore kom indien die vrou as dood gesien word (Du Toit & Piek, 1974:51). Hierdie kaart is 'n goeie bron vir konstrukte soos angs, depressie en interpersoonlike verhoudings.

### Ontwikkeling van items vir GOTAT

By elke kaart is daar 'n aantal items vir elk van die 6 affektiewe konstrukte ontwikkel. Die ontwikkelde items is geskommel sodat die respondent nie bewus word van watter konstrukte die navorsing besig is om te meet nie. Sodanige bewuswording sou moontlik die proefpersone se response kon beïnvloed. In tabel 4.3 verskyn die itemnummers vir elk van die affektiewe konstrukte.

Die proefpersoon het die items beantwoord deur 'n getal tussen 1 en 6 toe te ken in die blokkie wat langs die vraag aangebring is. Die items is op 'n 6-puntskaal beantwoord, omdat dit 'n groter omvang van tellings tot gevolg het (as die gebruiklike vierpuntskaal) wat hoër betroubaarheid verseker. Hoe hoër die telling, hoe hoër is die aanwesigheid van die konstrukt. Met selfkonsep en interpersoonlike verhoudings was die skaal omgeswaai. Aanvanklik het 'n lae telling op 'n hoë aanwesigheid van die konstrukt gedui.

**Tabel 4.3: Itemnommers van die affektiewe konstrukte wat handel oor die TAT**

Konstruk	Aantal	Itemnommers
Agressie	19	10, 15, 19, 22, 28, 33, 40, 44, 51, 54, 63, 65, 75, 81, 95, 99, 103, 114, 112
Stres	18	11, 20, 25, 35, 37, 52, 56, 59, 64, 66, 72, 79, 87, 91, 104, 108, 112, 117
Depressie	25	13, 23, 29, 32, 34, 38, 45, 62, 70, 74, 82, 84, 85, 88, 92, 93, 96, 98, 102, 105, 106, 107, 110, 115, 121
Angs	19	14, 18, 26, 36, 39, 41, 46, 49, 53, 58, 60, 67, 68, 77, 86, 89, 100, 111, 119
Verhoudinge	13	12, 17, 30, 43, 48, 57, 61, 73, 83, 97, 101, 113, 118
Selfkonsep	19	16, 21, 24, 27, 31, 42, 47, 50, 55, 69, 71, 76, 78, 80, 90, 94, 109, 116, 120

Die skaal wat gebruik is, was soos volg:

Dit is beslis die geval .....6 5 4 3 2 1 ..... Dit is geensins die geval nie.

Deur die items se response op te tel kan 'n totale telling vir elke konstruk bereken word.

Kaart 1 word bespreek as voorbeeld. Kaart 1 is 'n afbeelding van 'n seun wat sit en staar na 'n viool voor hom.

**Tabel 4.4: Kaart 1**

Item	Affektiewe konstruk
1. Die seun is kwaad omdat hy viool moet oefen.	Aggressie
2. Hy bekommer hom of hy sal kan speel soos daar van hom verwag word.	Stres
3. Die seun het 'n swak verhouding met sy musiekonderwyser.	Verhoudinge
4. Hy is vir niks lus in die lewe nie.	Depressie
5. Hy is bang iemand kritiseer hom.	Angs
6. Hy was in 'n argument met sy ma betrokke.	Aggressie
7. Die seun is oortuig daarvan dat hy swak speel.	Selfkonsep
8. Die seun het nie 'n goeie verhouding met sy ouers nie.	Verhoudinge
9. Hy is bang om te speel, want hy sal foute maak.	Angs
10. Hierdie seun is humeurig.	Aggressie
11. Sy ouers plaas baie druk op hom.	Stres
12. Hy het 'n lae selfbeeld.	Selfkonsep
13. Die seun is op die punt om 'n woede uitbarsting te hê.	Aggressie
14. Hy ervaar skuldgevoelens.	Depressie
15. Hy is teleurgesteld met homself.	Selfkonsep
16. Hy lyk emosioneel uitgeput.	Stres
17. Die viool hou vir hom 'n bedreiging in.	Angs
18. Hy twyfel aan homself.	Selfkonsep

Item	Affektiewe konstruk
19. Die seun is moeilik en koppig	Aggressie
20. Hy voel mismoedig.	Depressie
21. Hy voel alleen, want hy het geen maats nie.	Verhoudinge
22. Hy is nie een wat baie sukses in die lewe behaal nie.	Selfkonsep
23. Hy voel dat niks vir hom uitwerk nie.	Depressie
24. Die seun is aggressief.	Aggressie
25. Min dinge in die lewe verskaf aan hom plesier.	Depressie
26. Hy het te veel aktiwiteite waaraan hy deelneem.	Stres

### Die struktuur van die kontrolevraelys (KV)

Om die GOTAT se geldigheid te verseker (veral kriteriumverwante geldigheid) was dit nodig om gebruik te maak van 'n kontrole vraelys (KV). Die vraelys meet selfkonsep, aggressie, stres en verhoudinge met maats. Die vraelys se items is saamgestel vanuit verskeie bestaande toetse. Dieselfde 6-punt skaal is gebruik as met die GOTAT. Die proefpersoon moes die vraelys beantwoord soos wat dit op toepassing van sy eie lewe was (sien bylaag C).

### Ontwikkeling van die items van die KV

Die KV se items is verkry vanuit verskeie bestaande toetse. Die items wat handel oor stres is verkry uit Bester (2003, bylaag 1), terwyl die items oor aggressie verkry is uit Pienaar (1991:66-77). Die items wat handel oor selfkonsep en interpersoonlike verhoudings is verkry uit Fourie (2001:253).

Die KV dek nie angs en depressie as kontrolevraelys nie. Daar is besluit om die 16-Persoonlikheidsvraelys te gebruik, ten einde 'n angstelling te verkry. Vyftig gewillige proefpersone is op 'n ewekansige wyse verkry om die 16-Persoonlikheidsvraelys te voltooi.

In die ontwikkeling van die items vir stres is daar sekere wysigings aangebring aan die bewoording van die items omdat stres in Bester (2003) stres in 'n uitvoerende kunskonteks meet en nie in die algemeen soos in die huidige studie die geval is nie. Waar items nie gewysig kon word nie, is nuwe items ontwikkel. Dieselfde prosedure is gevvolg vir items oor aggressie wat uit Pienaar (1991) verkry is en items oor selfkonsep en interpersoonlike verhoudinge wat uit Fourie (2001) verkry is. Voorbeeld van die items word in tabel 4.5 verskaf.

**Tabel 4.5: Voorbeeld items van die GOTAT se affektiewe konstrukte**

Item	Affektiewe konstruk
As mense jou te na kom, het jy die reg om hulle te na te kom.	Aggressie
Hoe kwarter 'n mens word, hoe groter is jou kans om jou sin te kry.	Aggressie
Ek word briesend as mense aan my wil voorskryf wat om te doen.	Aggressie
Ek beleef spanning as gevolg van te min tyd.	Stres
Ek ondervind konflik tussen dit wat ek moet doen en dit wat ek graag wil doen.	Stres
Ek voel ek kry nie my eie lewe onder beheer nie.	Stres
Ek is wantrouig teenoor ander mense	Verhoudinge

Item	Affektiewe konstruk
Ek het nie vriende in die lewe nodig nie.	Verhoudinge
Dit is vir my aangenamer om dinge alleen te doen as in 'n groep.	Verhoudinge
Ek twyfel dikwels oor wie en wat ek is.	Selfkonsep
Ek voel dikwels onseker oor myself	Selfkonsep
Ek doen my soms voor wat ek nie werklik is nie	Selfkonsep

Deur die items se response op te tel kan 'n totale telling vir elke konstruk bereken word. 'n Hoë telling dui op 'n sterk aanwesigheid van die betrokke konstruk, terwyl 'n lae telling op die geringe aanwesigheid van die konstruk dui. Daar moet in ag geneem word dat nie al die items in dieselfde rigting gestel is nie. Sekere items se skale moet omgekeer word voordat die response opgetel word om 'n totaal te bereken. Die items waarvan die skale omgekeer moet word, is met 'n \* gemerk.

**Tabel 4.6: Itemnommers van die affektiewe konstrukte ingesluit in die GOTAT**

Konstruk	Aantal	Itemnommers
Aggressie	20	123, 125, 126, 131, 135, 139, 145, 147, 151, 152, 154, 159, 166, 170, 176, 182, 187, 189, 193, 196
Stres	15	124, 127, 130, 134, 138, 143, 150, 161, 167, 173, 179, 183, 185, 190, 195
Verhoudinge	20	128, 132*, 136*, 140*, 142, 148*, 155, 157, 160, 163, 164, 169, 171, 172*, 175, 178*, 181, 186, 192*, 197*

Konstruk	Aantal	Itemnummers
Selfkonsep	19	129, 133*, 137, 141*, 144*, 149, 146*, 153*, 156, 158, 162, 165*, 168, 174, 177, 180, 184, 188*, 191*, 194
Nie al die items is in dieselfde rigting gestel nie en sekere items se skale sal omgekeer moet word voordat die response opgetel word om 'n totaal te bereken. Die items waarvan die skale omgekeer moet word, is met 'n * gemerk.		

### 4.3 DIE NAVORSINGSPROSEDURE

Die vraelys is onder toesig afgeneem. Daar is geen druk toegepas om die vraelys binne 'n sekere tyd te voltooi nie. Beide vraelyste is aan die proefpersone uitgedeel. Tydens die voltooiing van die vraelys is die instruksies hardop aan die proefpersone voorgelees. Daar is aan die proefpersone die geleentheid gegee om vrae te vra oor enige onduidelikhede wat vooraf of tydens die voltooiing van die vraelys kon ontstaan. Die 6-puntskaal is ook aan hul verduidelik. Nadat die GOTAT voltooi is, is die KV beantwoord. Die ingesamelde inligting is daarna vir rekenaargebruik gekodeer.

Die resultate wat verkry is, sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

## HOOFSTUK 5

### RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

#### 5.1 INLEIDING

Die doel met die navorsing is om psigometriese eienskappe van 'n objektiewe gestruktureerde vorm van die Tematiese Appersepsie-toets te ontwikkel waarmee sekere konstrukte soos aansien, aggressie, depressie, selfkonsep, stres en interpersoonlike verhoudings gemeet kan word. Dit word gedoen met behulp van sekere kaarte van die Tematiese Appersepsie-toets.

Met die empiriese ondersoek is data ingesamel waarmee die psigometriese eienskappe van die nuut ontwikkelde instrument bepaal kan word.

In hierdie hoofstuk sal die psigometriese eienskappe van die nuut ontwikkelde meetinstrument bespreek word. Dit sluit die volgende in.

- 'n Itemanalise wat toegepas is om moontlike swak items te elimineer.
- Die berekening van die meetinstrument se betroubaarheid.
- Statistiese besonderhede wat met die geldigheid van die meetinstrument verband hou.
- Die berekening van norme vir die meetinstrument.

#### 5.2 ITEMANALISE

Die nuut ontwikkelde meetinstrument bestaan uit ses kaarte (sien tabel 4.4). Vir elke kaart is daar items ontwikkel wat die volgende veranderlikes meet: aggressie,

selfkonsep, angs, depressie, stres en interpersoonlike verhoudings. ‘n Itemanalise is afsonderlik vir elk van die ses veranderlikes gedoen.

Tydens die itemanalise word twee aspekte in aanmerking geneem:

- Die item-totaal korrelasie word bereken. Hoe meer gesik ‘n item is, hoe sterker sal dit positief met die totaal van die afdeling korreleer. Indien die item-totaal korrelasie laag of negatief is, kan wegglating van die item oorweeg word.
- Die betroubaarheid van elke afdeling word verkry deur ‘n Alphakoëffisiënt te bereken. Indien die wegglating van ‘n item die Alphakoëffisiënt noemenswaardig sal verhoog, kan die item weggelaat word. Andersins word die item behou. Die items wat beduidend positief met die totaal korreleer en terselfdertyd hoë betroubaarheid lewer, word ingesluit in die finale meetinstrument.

In tabel 5.1 tot 5.6 word die resultate van die itemanalise uiteengesit.

**Tabel 5.1: Itemanalise van die items wat aggressie meet**

Getal proefpersone	376		
Getal items	17		
Alpha Betrouwbaarheidskoëffisiënt	0,774		
Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 1	1	0.332	0.766
	6	0.258	0.771

Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
	10	0.410	0.760
	13	0.419	0.759
	19	0.393	0.761
	24	0.506	0.754
Kaart 4	5	0.208	0.776
	9	0.237	0.774
	16	0.306	0.767
Kaart 5	2	0.419	0.758
	11	0.519	0.750
	13	0.478	0.753
Kaart 6BM	10	0.279	0.770
	16	0.322	0.767
Kaart 7BM	11	0.325	0.766
	15	0.357	0.764
	19	0.375	0.762

Uit tabel 5.1 kan afgelei word dat al die items wat aggressie meet, positief met die totaal van die veranderlike korreleer en dat die weglatting van die items die betroubaarheid eerder sal verlaag as verhoog. Gevolglik is al die items behou.

**Tabel 5.2: Itemanalise van die items wat stres meet**

Getal proefpersone		376	
Getal items		18	
Alpha Betroubaarheidskoëffisiënt		0,751	
Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 1	3	0.271	0.745
	11	0.284	0.744
	16	0.288	0.744
	26	0.195	0.751
Kaart 4	2	0.290	0.744
	17	0.348	0.739
Kaart 5	4	0.366	0.737
	7	0.288	0.744
	12	0.290	0.743
Kaart 6BM	1	0.340	0.739
	7	0.402	0.734
	14	0.435	0.732
Kaart 7BM	3	0.267	0.745
	7	0.295	0.742
	20	0.375	0.737
Kaart 13MF	4	0.443	0.731

Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
	8	0.322	0.741
	13	0.387	0.735

Al die items wat stres meet, is behou, aangesien elke item postief met die totaal van die afdeling gekorreleer het.

**Tabel 5.3 Itemanalise van die items wat selfkonsep meet**

Getal proefpersone	376		
Getal items	18		
Alpha Betrouwbaarheidskoëffisiënt	0.845		
Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 1	7	0.274	0.845
	12	0.457	0.836
	18	0.446	0.837
	22	0.483	0.835
Kaart 4	7	0.409	0.839
	12	0.517	0.833
	15	0.547	0.832
Kaart 5	3	0.361	0.841

Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 6BM	4	0.535	0.832
	6	0.536	0.832
	11	0.460	0.836
	13	0.439	0.837
	15	0.517	0.833
Kaart 7BM	6	0.400	0.839
	10	0.413	0.838
Kaart 13 MF	5	0.409	0.839
	12	0.315	0.843
	16	0.439	0.837

Al die items wat selfkonsep meet, is behou, aangesien elke item postief met die totaal van die afdeling gekorreleer het.

**Tabel 5.4: Itemanalise van die items wat depressie meet**

Getal proefpersone		376	
Getal items		24	
Alpha Betroubaarheidskoëffisiënt		0.881	
Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 1	4	0.362	0.880
	14	0.401	0.878
	20	0.378	0.879
	23	0.498	0.876
	25	0.459	0.877
Kaart 4	3	0.453	0.877
	10	0.360	0.879
Kaart 5	10	0.443	0.877
Kaart 6BM	5	0.468	0.878
	9	0.429	0.877
	17	0.467	0.877
	19	0.466	0.876
Kaart 7BM	4	0.501	0.876
	8	0.583	0.873
	9	0.496	0.876
	12	0.526	0.875

Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
	14	0.438	0.877
	18	0.491	0.876
Kaart 13MF	1	0.371	0.880
	2	0.458	0.877
	3	0.450	0.877
	6	0.535	0.875
	11	0.501	0.876
	17	0.421	0.878

Al die items wat depressie meet, is behou, aangesien elke item postief met die totaal van die afdeling gekorreleer het.

**Tabel 5.5: Itemanalise van die items wat angs meet**

Getal proefpersone	376		
Getal items	19		
Alpha Betroubaarheidskoëffisiënt	0.777		
Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 1	5	0.355	0.767
	9	0.383	0.765

Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
	17	0.314	0.770
Kaart 4	1	0.339	0.768
	4	0.417	0.763
	6	0.275	0.773
	11	0.284	0.772
	14	0.370	0.766
Kaart 5	1	0.313	0.770
	6	0.352	0.767
	8	0.415	0.763
Kaart 6BM	2	0.397	0.764
	3	0.406	0.764
	12	0.318	0.770
Kaart 7BM	2	0.287	0.772
	5	0.301	0.771
	16	0.437	0.761
Kaart 13MF	7	0.351	0.768
	15	0.260	0.774

Al die items wat angs meet, is behou, aangesien elke item postief met die totaal van die afdeling gekorreleer het.

**Tabel 5.6: Itemanalise van die items wat interpersoonlike verhoudinge meet**

Getal proefpersone		376	
Getal items		13	
Alpha Betroubaarheidskoëffisiënt		0.760	
Kaart	Item	Item-totaal korrelasie	Alpha as item weggelaat word
Kaart 1	3	0.424	0.742
	8	0.380	0.746
	21	0.434	0.740
Kaart 4	8	0.485	0.735
	13	0.324	0.751
Kaart 5	5	0.487	0.734
	9	0.434	0.740
Kaart 6BM	8	0.487	0.735
	18	0.329	0.751
Kaart 7 BM	13	0.293	0.756
	17	0.360	0.748
Kaart 13MF	9	0.262	0.758
	14	0.335	0.752

Al die items wat interpersoonlike verhoudinge meet, is behou, aangesien elke item postief met die totaal van die afdeling gekorreleer het.

### **5.3 BETROUBAARHEID VAN DIE VRAELYS**

Vir Psigologiese toetse word 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,7 en hoër as aanvaarbaar beskou (McMillan & Schumacher, 2001:245). Om die betroubaarheid van die meetinstrument te bepaal, is die Alpha betroubaarheidskoëffisiënt vir elke veranderlike afsonderlik bereken. Die berekende koëffisiënte verskyn in tabel 5.7.

**Tabel 5.7: Betroubaarheidskoëffisiënte van die onderskeie veranderlikes van die vraelys**

Veranderlike	Aantal items	Betroubaarheids-Koëffisiënt
Aggressie	17	0.774
Stres	18	0.751
Depressie	24	0.881
Angs	19	0.777
Selfkonsep	18	0.845
Interpersoonlike verhoudinge	13	0.760

N = 354

Uit die bostaande gegewens kan afgelei word dat die meetinstrument wat gebruik word om onderskeie veranderlikes te meet as betroubaar beskou kan word, aangesien elke konstruk 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,7 of hoër het.

## **5.4 GELDIGHEID VAN DIE VRAEYLES**

‘n Geldige toets slaag daarin om te toets wat dit veronderstel is om te toets. (McMillan & Schumacher, 2001:247). Daar word oor die algemeen op drie tipes geldigheid gelet naamlik: inhoudsgeldigheid, konstrukgeldigheid en kriterium-verwante geldigheid.

### **5.4.1 Inhoudsgeldigheid**

Inhoudsgeldigheid verwys na die mate waarin vraelyste die inhoud dek wat getoets of gemeet wil word. Inhoudsgeldigheid kan nie statisties bepaal word nie, maar berus op die mening van die navorsers en ander bevoegde persone (Mulder, 1989:219). In die studie is daar van bevoegde persone gebruik gemaak om hul opinie te lewer oor die inhoudsgeldigheid van die items wat in die vraeleys gebruik is. In die aanvanklike ontwikkeling van die items is daar sekere wysigings aangebring aan die bewoording van sekere items om dit sodoende meer duidelik te maak vir die toetsafnemer.

### **5.4.2 Konstrukgeldigheid**

Konstrukgeldigheid kan statisties bepaal word. ‘n Toets sal konstrukgeldig wees indien afleidings wat uit toetsgegewens verkry word, strook met bestaande teorieë en vorige navorsingsgegewens. Die korrelasie koëffisiënte van die veranderlikes word aangedui in tabel 5.8 en dan vergelyk met vorige navorsingsbevindinge.

**Tabel 5.8: Korrelasie koëffisiënte van die onderskeie veranderlikes van die vraelys.**

N = 354	Aggressie	Stres	Selfkonsep	Depressie	Angs	Inter-persoonlike Verhoudings
Aggressie		0.523	-0.551	0.559	0.524	-0.640
Stres			-0.699	0.709	0.723	-0.650
Selfkonsep				-0.835	-0.787	0.712
Depressie					0.747	-0.740
Angs						-0.585
Inter-persoonlike Verhoudings						

Vir al die korrelasiekoëffisiënte is  $p < 0,01$

Uit die bevindinge van tabel 5.8 kan afgelei word dat die korrelasies tussen die onderskeie veranderlikes strook soos met vorige navorsingsbevindinge.

Daar bestaan positiewe korrelasies tussen aggressie, stres, depressie en angs.

Selfkonsep en interpersoonlike verhoudings het positief met mekaar gekorreleer en 'n negatiewe korrelasie getoon met al die ander veranderlikes.

Selfkonsep het negatief met stres ( $r = -0,70$ ) en angs ( $r = -0,79$ ) gekorreleer. Dit stem ooreen met Bester & Swanepoel (2000:255-258) se bevindinge dat stres in 'n leersituasie negatief korreleer met selfkonsep. Bester (2003:219) het ook gevind dat selfkonsep negatief korreleer met stres ( $r = -0,46$ ) en angs ( $r = -0,64$ ) in die uitvoerende kunste.

Rich en Bonner (1987) asook Lewinsohn et.al. (1998) se studie het gevind dat selfkonsep 'n negatiewe korrelasie toon met depressie (Dixon & Robinson Kurpius, 2008:420). Dit kom ooreen met die huidige navorsing se bevindinge dat selfkonsep negatief met depressie korreleer ( $r = -0,84$ ).

Stres korreleer positief met angs ( $r = 0,72$ ). Dit kom ooreen met die ondersoek van Bester (2003: 221) tussen stres en angs by dramaleerders ( $r = 0,58$ ). MacGeorge et. al. (2005), Dyson & Tenk (2006), en Quinn (1997) het ook gevind dat daar 'n positiewe verwantskap is tussen akademiese stres en depressie (Dixon & Robinson Kurpius, 2008:420).

In 'n studie met betrekking tot depressiewe tandarts studente is gevind dat die studente nie 'n sterk sosiale ondersteuning het nie ( $p<.01$ ) en dat hul beduidende hoër vlakke van stres ervaar ( $p<.01$ ) (Laurence, Williams & Eiland, 2009: 56). Dit stem ooreen met die huidige navorsing se korrelasies tussen depressie en interpersoonlike verhoudings ( $r = -0,74$ ) en depressie en stres ( $r = 0,71$ )

Andreou (2000) and O'Moore (1997) se studie oor boelies het getoon dat daar 'n negatiewe verwantskap is tussen aggressie en selfkonsep. Boelies het meestal 'n lae selfbeeld (Houbre, Tarquinio, Thuillier & Hergott, 2006:184). Dit stem ooreen met die

huidige bevindinge dat daar 'n negatiewe verwantskap tussen aggressie en selfkonsep ( $r = -0.55$ ) bestaan.

In die huidige studie is daar 'n positiewe korrelasie tussen depressie en aggressie ( $r = 0.56$ ). Borges, Cherpitel, Medina-Mora & Mondragon (2004:912) se navorsing toon ook 'n positiewe verwantskap tussen depressie en geweld.

Nyburg, Henricsson & Rydell (2008: 649) se studie toon dat aggressie lae portuurgroep aanvaarding voorspel. Dit strook met die huidige navorsing dat daar 'n negatiewe korrelasie bestaan tussen aggressie en interpersoonlike verhoudinge ( $r = -0.64$ ).

Omdat die korrelasies met vorige navorsingsgegewens strook, kan aanvaar word dat die vraelys wat nuut ontwikkel is, konstrukgeldig is.

#### **5.4.3 Kriteriumverwante geldigheid**

Kriteriumverwante geldigheid is 'n aanduiding van die mate waartoe die tellings van 'n meetinstrument 'n verband toon met die tellings van 'n kriterium. Met kriteriumverwante geldigheid kan daar onderskei word tussen voorspellingsgeldigheid en samevallende geldigheid.

Samevallende geldigheid word bepaal deur 'n korrelasiekoeffisiënt wat die verwantskap tussen twee meetinstrumente aandui, wat op min of meer dieselfde tyd afgelê is. 'n Hoë korrelasie dui daarop dat die meetinstrumente iets soortgelyks meet. Vir hierdie rede is samevallende geldigheid relevant in die studie, aangesien daar van twee meetinstrumente gebruik gemaak word om die gekose veranderlikes te meet.

'n Positiewe korrelasie is verwag tussen die veranderlikes wat met behulp van die GOTAT en die KV gemeet word. Dit sal byvoorbeeld beteken dat indien 'n proefpersoon 'n hoë strestelling gekry het met die GOTAT dat hy ook 'n hoë strestelling sou kry soos gemeet met die KV.

Om 'n duideliker korrelasie patroon te verkry is die middelgroep van die steekproef uitgeskakel. Vir die veranderlikes, soos gemeet met beide meetinstrumente, is normtabelle opgestel en net die inligting van die proefpersone wat stanegees 1-3 en 7-9 behaal het, is gebruik.

**Tabel 5.9: Die korrelasiekoëffisiënt tussen die GOTAT en KV.**

Veranderlike	Korrelasie tussen GOTAT en KV	N	P
Aggressie	0.49	86	p<0.01
Stres	0.04	126	p>0.05
Selfkonsep	0.32	84	p<0.01
Angs	0.13	191	p>0.05
Interpersoonlike Verhoudinge	0.20	109	p<0.05

Uit tabel 5.9 kan afgelei word dat die strestellings soos gemeet met die GOTAT en KV nie korreleer nie. Dieselfde geld vir die angststellings. Die afleiding kan gemaak word dat die items wat veronderstel was om stres en angs te meet in die GOTAT nie dieselfde response ontlok het as die items in die KV wat stres en angs meet nie.

Hoewel daar wel 'n beduidende positiewe korrelasie in die geval van agresie, selfkonsep en interpersoonlike verhoudinge is, is die korrelasie koëffisiënte laag wat uitsprake oor die kriteriumverwante geldigheid van die GOTAT in die gedrang bring.

Die swak korrelasies tussen die twee vraelyste kan daarop dui dat die projeksie tydens die GOTAT nie geslaagd was nie. Dit is moontlik dat die leerders tydens die projeksietoets nie die vrae beantwoord het soos wat dit op hulself van toepassing was nie. Die "Walter Mitty"-effek en Inhiberende effek moet ook in ag geneem word (soos bespreek in paragraaf 2.4.3). Die "Walter Mitty"-effek sal veroorsaak dat 'n leerder moontlik 'n lae angstelling tydens die GOTAT behaal, nie omdat hy lae angsvlakke het nie, maar omdat hy graag lae angsvlakke sou wou hê. Die Inhiberende effek sou weer veroorsaak dat 'n leerder meer positief wil oorkom, aangesien hy weet dat dit meer aanvaarbaar in die samelewing is, ten spyte daarvan dat hy dikwels depressief voel. 'n Ander moontlikheid is dat die proefpersoon byvoorbeeld angs in 'n kaart sal identifiseer terwyl hy self geen angs ervaar nie. Hy maak nie die inhoud van die kaart op hom van toepassing nie, maar reageer realisties en objektief op die kaart. In kort, daar vind geen projeksie plaas nie.

Bogenoemde faktore moet in ag geneem moet word wanneer daar uitsprake gemaak word oor die kriteriumverwante geldigheid van die GOTAT.

## **5.5 DIE BEPALING VAN NORME VIR DIE ONDERSKEIE AFDELINGS VAN DIE VRAELYS**

Om norme te bepaal, is stanege in die ondersoek ontwikkel (die naam "stanege" is 'n samevoeging van die woorde standaard en nege en dui daarop dat die standaardpunte in nege kategorieë ingedeel word) (Cohen & Swerdlik, 2005:88). Die stanege wat met bepaalde routellingsgrense ooreenkom word in tabelle 5.11 tot 5.16 verskaf.

Om te bepaal of daar aparte staneges vir die seuns en dogters opgestel moes word, is gemiddeldes verkry van die seuns en dogters se resultate vir elke veranderlike. Indien daar wel 'n verskil sou wees tussen die gemiddeldes van seuns en dogters se resultate op die gemete veranderlikes, sal dit nodig wees om aparte normtabelle op te stel vir beide geslagte betreffende die spesifieke veranderlikes. Om te bepaal of daar 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde resultate van seuns en dogters bestaan, is die t-toets gebruik. Die t-toets gee 'n aanduiding of die gemiddeldes beduidend verskil. Die gegewens verskyn in tabel 5.10

In die lig van die gegewens in tabel 5.10 lyk dit of daar wel 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde resultate van seuns en dogters was vir stres en angs op 'n 1% peil van beduidenheid. By beide stres en angs was die dogters se gemiddelde hoër as die seuns se gemiddeld wat daarop dui dat dogters beduidend meer stres en angs ervaar as seuns. Dit stem ooreen met Bester (2003:240) se bevindinge dat tussen seuns en dogters in die musiekkonteks, dogters meer angs ervaar as seuns.

By aggressie en interpersoonlike verhoudings was daar geen beduidende verskil nie.

By selfkonsep en depressie was daar 'n beduidende verskil tussen die gemiddelde resultate van seuns en dogters op die 5% peil van beduidendheid.

**Tabel 5.10: Die verskil tussen die gemiddeldes van seuns en dogters ten opsigte van die veranderlikes soos gemeet met die GOTAT.**

Veranderlike	Geslag	N	X	Verskil tussen gemiddeldes	S	T	P
Aggressie	Seuns	163	54.36		13,52		
	Dogters	215	52.90	1,46	12.81	1,07	p>0.05
Stres	Seuns	163	65.49		12.60		
	Dogters	215	69.10	3,61	12.59	2.69	p<0.01
Selfkonsep	Seuns	163	61.93		15.06		
	Dogters	215	65.43	3,50	14.52	2.29	p<0.05
Depressie	Seuns	163	83.99		21.23		
	Dogters	215	88.87	4.88	18.93	2.36	p<0.05
Angs	Seuns	163	69.45		14.10		
	Dogters	215	73.38	3,93	13.71	2.72	p<0.01
Inter-persoonlike verhoudings	Seuns	163	39.20		10.71		
	Dogters	215	40.10	0,90	10.73	0.81	p>0.05

In die lig van die resultate sal daar aparte norme vir seuns en dogters opgestel moet word vir die veranderlikes; depressie, angs, stres en selfkonsep. Die norms (staneges) verskyn in tabelle 5.11 tot 5.16.

**Tabel 5.11: Stanege vir aggressie van seuns en dogters**

Stanege	Routellinggrense
1	17 – 30
2	31 – 38
3	39 – 43
4	44 – 50
5	51 – 57
6	58 – 62
7	63 – 69
8	70 – 76
9	77 – 102

**Tabel 5.12: Stanege vir interpersoonlike verhoudings van seuns en dogters**

Stanege	Routellinggrense
1	13 – 20
2	21 – 25
3	26 – 31
4	32 – 36
5	37 – 42
6	43 – 48

Stanege	Routellinggrense
7	49 – 52
8	53 – 58
9	59 – 78

**Tabel 5.13: Stanege vir stres**

Stanege	Routellinggrense	
	Seuns	Dogters
1	26 – 41	32 – 46
2	42 – 48	47 – 53
3	49 – 56	54 – 59
4	57 – 62	60 – 65
5	63 – 69	66 – 72
6	70 – 75	73 – 77
7	76 – 80	78 – 83
8	81 – 84	84 – 90
9	85 – 93	92 – 103

**Tabel 5.14: Stanege vir selfkonsep**

Stanege	Routellinggrense	
	Seuns	Dogters
1	19 – 35	26 – 39
2	38 – 43	40 – 48
3	44 – 51	49 – 54
4	52 – 57	55 – 62
5	58 – 66	63 – 68
6	67 – 72	69 – 75
7	73 – 79	76 – 83
8	80 – 87	84 – 91
9	90 – 98	92 – 104

**Tabel 5.15: Stanege vir depressie**

Stanege	Routellinggrense	
	Seuns	Dogters
1	25 – 46	42 – 55
2	47 – 57	56 – 66
3	58 – 68	67 – 73
4	69 – 80	74 – 85

Stanege	Seuns	Dogters
5	81 – 88	86 – 94
6	89 – 99	95 – 104
7	100 – 111	105 – 110
8	112 – 118	111 – 120
9	119 – 124	122 – 138

**Tabel 5.16: Stanege vir angs**

Routellinggrense		
Stanege	Seuns	Dogters
1	20 – 37	39 – 49
2	39 – 51	50 – 54
3	53 – 62	55 – 62
4	63 – 67	63 – 70
5	68 – 72	71 – 77
6	74 – 79	78 – 84
7	80 – 84	85 – 89
8	85 – 91	90 – 98
9	92 – 104	99 – 106

Die implikasies van die resultate van die empiriese ondersoek en opvoedkundige aanbevelings word in die volgende hoofstuk bespreek

## **HOOFSTUK 6**

### **GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS**

#### **6.1 INLEIDING**

Die doel van die ondersoek was eerstens om 'n meer objektiewe gestruktureerde vorm van die Tematiese Appersepsie-toets (TAT) te ontwikkel in teenstelling met die normale TAT wat tot dusver in gebruik was. Tweedens is daar gepoog om te bepaal of die tellings wat verkry is met die nuwe vraelys sekere affektiewe veranderlikes kan voorspel. Die affektiewe veranderlikes waarop daar in die studie gefokus is, was: selfkonsep, aggressie, depressie, stres, angs en interpersoonlike verhoudings. In die navorsing is daar op adolessente gefokus, aangesien adolessensie gekenmerk word deur skielike en gelykydigke fisiologiese en psigologiese veranderings en die adolescent noodgedwonge psigologiese en sosiale aanpassings moet maak. Hierdie veranderings en die adolescent se aanpassing by die veranderinge oefen 'n groot invloed uit op die spesifieke affektiewe veranderlikes waarop daar in die studie gefokus is.

'n Literatuurstudie is gedoen om projeksietegnieke te ondersoek en die vernaamstes uit te lig. Die TAT is in besonder bespreek, asook Henry Murray se persoonlikheidsteorie, die sleutelfiguur agter die ontstaan van die TAT. Daar is ook gelet op die geldigheid en betroubaarheid van die TAT en die TAT se navorsingsmoontlkhede. 'n Verdere literatuurstudie het die affektiewe veranderlikes ontleed wat 'n invloed het op die ontwikkeling van die adolescent. Daar is ook gepoog om te bepaal hoeveel navorsing reeds gedoen is oor die spesifieke affektiewe veranderlikes waarby die TAT betrek is.

Die empiriese ondersoek is voltooi om te bepaal hoe geldig en betroubaar die nuutontwikkelde vraelys is.

## **6.2 BEVINDINGE UIT DIE LITERATUURSTUDIE**

Uit die literatuurstudie het dit na vore gekom dat die betroubaarheid en geldigheid van die TAT van die mees problematiese aspekte van die toets is. Dit word toegeskryf aan die onvoldoende standaardisering van die toets betreffende die toekenning van punte en die administrasie daarvan. Daar is ook min konsekwentheid betreffende watter TAT-kaarte gebruik word in navorsingsprojekte. Verder maak die meeste klinici van hulle eie oordeel en intuïsie gebruik om die TAT te interpreteer (sien paragraaf 2.4.3 en 2.4.4).

Dit blyk dat daar twee belangrike faktore is wat 'n rol speel ten opsigte van die geldigheidsuitsprake oor die TAT, genaamd die "Walter Mitty" en Inhiberende effek (sien paragraaf 2.4.3). Die "Walter Mitty"-effek verwys na die feit dat 'n toetsling hoë vlakke van 'n sekere konstruk (byvoorbeeld motivering) sal toon, nie omdat hy hoë vlakke van die konstruk besit nie, maar omdat hy graag hoë vlakke van die konstruk sou wou besit. Die "Inhiberende" effek verwys weer daarna dat sommige toetslinge lae vlakke van 'n sekere konstruk sal toon, nie omdat hul lae vlakke van die konstruk besit nie, maar omdat hul die manifestasie daarvan onderdruk.

In hoofstuk 1 is die vraag gevra of dit moontlik is om 'n objektiewe vorm van die TAT te ontwikkel wat betroubaar en geldig is. Dieselfde kritiek teen projeksietegnieke (onder ander ook die TAT), kan ook moontlik op die Gestruktureerde Objektiewe TAT (GOTAT) van toepassing wees, aangesien die GOTAT ook op projeksie gebaseer is. Dieselfde geldigheids- en betroubaarheidsprobleme kon dus verwag word.

Die navorsers het probeer vasstel hoeveel navorsing reeds gedoen is oor die affektiewe veranderlikes wat met behulp van die TAT gemeet is. Dit wil voorkom asof daar baie min navorsing is wat handel oor die gebruik van die TAT om die spesifieke affektiewe

veranderlikes wat in die studie betrek is, te meet. Hierdie veranderlikes is: stres, angs, depressie aggressie, selfkonsep en interpersoonlike verhoudinge.

### **6.3 BEVINDINGE UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK**

Die vernaamste doel van die ondersoek was om te bepaal of dit moontlik is om met behulp van 'n meer objektiewe vorm van die TAT, affektiewe veranderlikes te meet. Die empiriese ondersoek is uitgevoer om die items van die GOTAT te analyseer en die betroubaarheid en geldigheid daarvan te bepaal. In die ondersoek is ook probeer vasstel in hoe 'n mate tellings wat met die GOTAT verkry is, verband hou met tellings van ander meetinstrumente wat die spesifieke affektiewe veranderlikes meet.

Uit die empiriese studie kon die navorsing die volgende gevolgtrekkings maak:

- Aangesien elke veranderlike wat gemeet is 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,7 of hoër gehad het, kan die GOTAT wat gebruik is om die onderskeie veranderlikes te meet, as betroubaar beskou word (sien tabel 5.7).
- Die korrelasies tussen die onderskeie veranderlikes het gestrook met vorige navorsingsbevindinge. Daar was positiewe korrelasies tussen aggressie, stres, depressie en angs. Selfkonsep en interpersoonlike verhoudings het positief met mekaar gekorreleer en 'n negatiewe korrelasie getoon met al die ander veranderlikes. Omdat die korrelasies met vorige navorsingsgegewens strook, kan aanvaar word dat die vraelys wat nuut ontwikkel is, konstruktgeldig is.
- Hoewel positiewe korrelasies verwag is tussen die veranderlikes wat met behulp van die GOTAT en die Kontrole Vraelys (KV) gemeet was, is swak tot baie lae korrelasies gevind. Dit bring die uitsprake oor die kriteriumverwante geldigheid van die GOTAT in gedrang. Die swak korrelasies tussen die twee vraelyste kan daarop

dui dat die projeksie tydens die GOTAT nie geslaagd was nie. Dit is moontlik dat die leerders tydens die projeksiotoets nie die vrae beantwoord het soos wat dit op hulself van toepassing was nie. Die “Walter Mitty”-effek en Inhiberende effek wat by die TAT ter sprake is, kon ook by die GOTAT ‘n invloed uitgeoefen het (sien paragraaf 6.2).

## 6.4 DIE IMPLIKASIES VAN DIE STUDIE

Die implikasies van die studie is nie soseer prakties van aard nie. Daar is eerder teoretiese en navorsingsimplikasies wat in ag geneem moet word.

Daar sal in die volgende paragrawe gelet word op die

- teoretiese implikasies van die studie,
- navorsingsimplikasies van die studie, en
- implikasies wat die studie vir die voorligter inhoud.

### 6.4.1 Teoretiese en Navorsingsimplikasies

Die swak korrelasies tussen die GOTAT en KV in die empiriese studie dui moontlik daarop dat projeksie tydens die GOTAT nie geslaagd was nie. Dit is byvoorbeeld moontlik dat ‘n adolescent met ‘n normale of hoë selfkonsep volgens die KV, ‘n lae selfkonsep toon op grond van die GOTAT. Die adolescent het nie noodwendig dit wat hy op die TAT kaarte waargeneem het, op homself van toepassing gemaak nie. Projeksie vind nie outomatis plaas nie, maar sal eerder gefasiliteer moet word deur die items te wysig. ‘n Item soos: *“Die seun is kwaad omdat hy viool moet oefen.”* by kaart 1 (die seun met die viool) moet eerder vervang word met ‘n item soos *“As ek die seun*

*was, sou ek kwaad wees omdat ek viool moet oefen.”* Dit sal verseker dat die toetsling dit wat hy waarneem op homself van toepassing maak.

Anderson (1951:190-191) noem dat indien ‘n toetsling se behoeftekaraktereienskap swakker is as wat hy wil erken, maar hy die gedrag as wenslik sien, die behoeftekaraktereienskap uitermatig sterk behoort deur te kom in sy response. Die vraag ontstaan gevvolglik of daar behoorlik onderskeid getref kan word tussen projeksie en wensverwesenliking?

Lanyon & Goodstein (1982:61) is van mening dat dit dikwels moeilik is om met projeksietoetse te bepaal of die respons van die toetsling verband hou met die toetsling se gedrag in werklike situasies. Daar is altyd die moontlikheid dat die respons bloot ‘n aanduiding is van die persoon se fantasiewêreld of wat in sy onbewuste onderdruk word. Hierdie probleem is egter reeds bespreek en word beskryf as of die “Walter Mitty” of die Inhiberende effek (sien paragraaf 2.4.3). Hierdie twee faktore kon ‘n betekenisvolle invloed gehad het op die adolescent se response tydens die voltooiing van die GOTAT. ‘n Voorbeeld van die “Walter Mitty”-effek isanneer ‘n toetsling se respons op ‘n item (Kaart 1) wat lui: *“Hierdie seun is humeurig”* daarop dui dat in sy geval dit geensins so is nie. Hy reageer so omrede hy weet dat humeurigheid nie ‘n goeie eienskap is nie. Die Inhiberende effek sou veroorsaak dat die toetsling beweer dat dit beslis nie die geval is nie, aangesien hy graag nie humeurig sou wou wees nie. ‘n Persoonlike gesprek met die toetsling behoort meer duidelikheid te gee oor die mate van projeksie wat wel plaasgevind het. Dit was egter nie die doel van die GOTAT om response telkens met ‘n onderhoud op te volg nie.

Ritzler et al. (1980:358) is van mening dat sielkundiges geneig is om negatiewe kwaliteite in die toetsling se leefstyl te beklemtoon. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat baie van die kaarte van die TAT somber en donker is. Dit lei daar toe dat die

toetsling meer somber response kan verskaf en gevvolglik word meer op die donker kant van die toetsling se persoonlikheid gekonsentreer.

Dieselfde kon moontlik gebeur by die GOTAT, aangesien daar ook somber kaarte ingesluit is (byvoorbeeld kaart 13MF) wat veroorsaak het dat die toetsling sodanig meer somber response verskaf het. Uit die response van die GOTAT kon 'n persoon moontlik angstig of depressief voorkom, al ervaar hy in werklikheid nie regtig angs of depressie nie. Die toetsling het waarskynlik dit wat op die kaart was, geanalyseer, maar dit was nie noodwendig op homself van toepassing nie.

'n Verdere probleem wat nog nie aangespreek is nie, is dat die toetsling byvoorbeeld behep is met 'n konstruk soos depressie. Hy het dalk 'n familielid of vriend wat depressief is. Depressie is moontlik so relevant in sy huidige bestaan dat depressie as 'n tema waarskynlik sal deurkom in die vraelys, hoewel hyself nie depressief is nie.

#### **6.4.2 Implikasies vir die voorligter**

Aangesien die probleem oor die geldigheid van die TAT nog nie opgelos is nie, sal die opvoedkundige sielkundige nuwe oplossings moetoorweeg. Dit sal onder ander beteken dat 'n nuwe vraelys ontwikkel sal moet word of dat die bestaande vraelys aangepas sal moet word. Hierdie kwessie sal meer in detail bespreek word in paragraaf 6.6 waar daar aanbevelings vir verdere studie gemaak word.

Semeonoff (1976:13) is van mening dat daar so maklik veranderings en aanpassings aan die TAT gemaak word, dat die TAT as 'n metode eerder as 'n toets gesien kan word. In die lig van Semeonoff (1976) se uitlating, kan die voorligter 'n nuwe vraelys met nuwe kaarte ontwikkel wat gebaseer is op dieselfde beginsels as dié waarop die

TAT gebaseer is. Volgens Anderson (1951:192) kan projeksie makliker aanvaar word wanneer daar net een persoon op 'n kaart is waarmee die toetsling kan identifiseer. Hy is ook van mening dat 'n persoon makliker met 'n karakter sal identifiseer met min of meer dieselfde ouderdom, geslag of omstandighede as die toetsling. Met 'n nuwe stel kaarte kan moontlike kultuurverskille uit die weg geruim word en kan die kaarte ook moontlik meer relevant wees tot die spesifieke teikengroep.

Intussen kan die TAT soos normaalweg gebruik word. Om probleme te oorkom, kan die voorligter let op die volgende wanneer die TAT gebruik word. Hy moet:

- agtergrondkennis insamel oor toetsling.
- kaarte met omsigtigheid selekteer.
- daarteen waak om te maklik negatiewe afleidings te maak.
- die TAT gebruik tesame met 'n ander persoonlikheidstoets as kontroletoets.
- inligting vanuit response verifieer met die toetsling in 'n persoonlike onderhoud.

## 6.5 DIE LEEMTES VAN DIE STUDIE

'n Leemte van die studie is dat vanweë die groot steekproef dit nie moontlik was om inligting wat uit die vraelyste verkry is, met die respondentte te verifieer en so te bepaal of projeksie plaasgevind het nie.

Nog 'n leemte is dat daar somber kaarte in die vraelys ingesluit is wat meestal negatiewe response ontlok, byvoorbeeld kaart 13MF. Die kaart beeld 'n situasie uit waar 'n man kop geboë staan met sy arm oor sy gesig. Agter hom is die figuur van 'n vrou wat op 'n bed lê met geslote oë. Hierdie kaart is 'n goeie bron vir konstrukte soos angs en depressie. Dit is byna onmoontlik vir die respondent om positiewe response te

verskaf op die kaart. Die kaart beeld 'n somber situasie uit en dit lok 'n somber respons uit, of die persoon wat daarna kyk depressief is of nie.

## 6.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE

Die idee van 'n objektiewe TAT moet nie net laat vaar word nie, maar vir toekomstige navorsing behoort wysigings gemaak te word. Wanneer die toets gewysig word, moet daar nie net aanvaar word dat projeksie wel gaan plaasvind nie, maar projeksie moet afgedwing word. Die items vir kaart 1 kan moontlik voorafgegaan word met 'n sin soos: *Veronderstel jy is die seun. Wat sou op jou van toepassing wees?* Die navorser sal dan moontlik 'n beter aanduiding kry van die toetsling se vlakke van aggressie, depressie, angs, stres en hoe sterk sy selfkonsep en interpersoonlike verhouding is.

Tweedens moet die keuse van kaarte in die vraelys heroorweeg word. Dit sal verhoed dat somber kaarte in die vraelys ingesluit word waarop die toetsling nie anders kan as om met somber response te reageer nie. Kaarte moet so gekies word dat die toetsling se respons die persoon se ware emosies en karaktertrekke reflekteer.

Die moontlikheid van 'n stel nuutontwikkelde kaarte moet ook in gedagte gehou word. Die vraelys kan gebaseer word op die beginsels van die TAT, maar met nuwe kaarte wat meer relevant tot die teikengroep is.

## BIBLIOGRAFIE

**ABT, L.E. & BELLAK, L.** 1959. Projective psychology. New York: Grove Press.

**ACKERMAN, S.J., HILSENROTH, M.J., CLEMENCE, A.J., WEATHERILL, R. & FOWLER, J.C.** 2001. Convergent validity of Rorschach and TAT scales of object relations. *Journal of Personality Assessment*. 77(2):295-306

**ADAMS, G.R., GULLOTTA, T.P., MARKSTROM-ADAMS, C.** 1993. Adolescent life experiences. 3rd ed. Pacific Grove, California: Brooks/Cole.

**ALVARADO, N.** 1994. Empirical validity of the TAT. *Journal of Personality Assessment*. 63: 59-79

**ANDERSON, H.H.** 1951. An introduction to projective techniques. New York: Prentice-Hall, Inc.

**AUSTIN, A.A. & CHORPITA, B.F.** 2004. Temperament, anxiety and depression: comparisons across five ethnic groups of children. *Journal of clinical child and adolescent psychology*. 33(2):216 – 226

**BARLOW, D.H. & DURAND, V.M.** 2005. Abnormal psychology. An integrative approach. 4th ed. United States of America : Thomson Wadsworth

**BELLAK, L.** 1992. Projective techniques in the computer age. *Journal of Personality Assessmen*. 58(3) : 445-453

**BELLAK, L.** 1996. The Thematic Test, the Children's Apperception Test, and the Senior Apperception Technique in clinical use. 6<sup>th</sup> ed. Boston: Allyn and Bacon.

**BESTER, C.A.** 2003. Affektiewe faktore wat met uitvoerende kuns op sekondêre skoolvlak verband hou. Ongepubliseerde Ded-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

**BESTER, G & SWANEPOEL, C.** 2000. Stress in the learning situation: a multi-variable and developmental approach. *South African Journal of Education*, 20:255-258.

**BESTER, G.** 1998. Die bepaling van realistiese prestasievlake as 'n voorligtingstaak. Ongepubliseerde MEd-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

**BORGES, G., CHERPITEL, C.J., MEDINA-MORA, M.E., MONDRAGON, L.** 2004. Violence related injuries in the emergency room: Alcohol, depression, and conduct problems, 39:911-930.

**BOWIE, B.H.** 2007. Relational aggression, gender, and the developmental process. *Journal of Child& Adolescent Psychiatric Nursing*. 20(2):107-115.

**CLARK, A.J.** 1995. Projective techniques in the counselling process. *Journal of counselling and development*. 3(73):311-316.

**COCHE, E. & SILLITTI, J.A.** 1983. The Thematic Apperception Test as an outcome measure in psychoterypy research. *Psychoterapy: Theory, research and practice*. 20(1) 41-46

**COHEN, R.J. & SWERDLIK, M.E.** 2005. Psychological testing and assessment: An introduction to tests and measurement. 6th ed. New York: McGraw-Hill.

**COSTA, P.T & MCRAE, R. R.** 1988. From catalog to classification: Murray's needs and the Five-factor model. *Journal of Personality and Social Psychology*. 55(2):258-265.

**CRAMER, P.** 1999. Future directions for the Thematic Apperception Test. *Journal of Personality Assessment*. 72(1)74-91.

**CRUMBAUGH, J.C, GRACA, J., HUTZELL, R.R., WHIDDON, M.F. & COOPER, E.C.** 1990. A primer of projective techniques of pscyhological assessment. California: Libra Publishers Inc.

**DEWSBURY, D.A, BENJAMIN Jr. L.T. & WERTHEIMER, M.** 2006. Portraits of pioneers in psychology. 6<sup>th</sup> ed. London: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

**DIXON, S.K. & ROBINSON KURPIUS, S.E.** 2008. Depression and college stress among university undergraduates: Do mattering and self-esteem make a difference? 49:412 - 424

**DU TOIT, S.I. & PIEK, J.P.** 1974. Die Tematiese Appersepsie-toets. Kaapstad: Printpak.

**FOURIE, J.A.C.** 2001. Die identifisering van adolessente wat groepsdruk moeilik hanteer. Ongepubliseerde DEd-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

**FOXCROFT, C. & ROODT, G.** 2001. An introduction to pscyholigical assessment. Cape Town: Oxford University Press.

**FULIGNI, A.J. & ECCLES, J.S.** 1993. Perceived parent-child relationships and early adolescents' orientation toward peers. *Developmental Psychology*. 29:622-632.

**GOUWS E. & KRUGER, N.** 1996. The adolescent. An educational perspective. Johannesburg: Heinemann Publishers.

**GOUWS, E., KRUGER, W. & BURGER, S.** 2000. The adolescent. 2nd edition. Sandown: Heineman Publishers.

**GROTH-MARNAT, G.** 1984. Handbook of psychological assessment. USA: Van Nostrand Reinhold Company Inc.

**HENRY, E.** 2006. Families do matter. *Family matters*. 74:46-47.

**HOCK, R. R.** 1995. Forty studies that changed psychology. Explorations into the history of psychological research. 2nd ed. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

**HOFFMAN, S., ROSMAN, L., DANON, A., PERES, R.** 1993. Use of the TAT in group therapy with children. *Journal of Child & Adolescent Group Therapy*. 3(2):121-128.

**Houbre, B., Tarquinio, C. Thuillier, I., Herzog, E.** 2006. Bullying among students and its consequences on health. *European Journal of Psychology of Education*. 21:183-208.

**Joubert, C.M.** 1998. Storievoltooiing – ‘n Projeksiemedium vir gebruik by elf- tot veertienjariges. Ongepubliseerde MEd-verhandeling. Pretoria: Unisa.

**Keiser, R.E. & Prather, E.N.** 1990. What is the TAT? A review of ten years of research. *Journal of personality assessment*. 55(3-4):800-803

**Ketterlinus, R.D. & Lamb, M.E.** 1994. Adolescent problem behaviors. Issues and research. New Jersey: Lawrence Erlbaum associates, Publishers.

**Kline, P.** 2000. Handbook of psychological testing. 2<sup>nd</sup> ed. London: Routledge.

**LANGER, P & McKAIN, C.W.** 1964. Rigidity and the SORT. *Journal of Clinical Psychology*. 20 (4) : 489-492

**LANYON, R.I. & GOODSTEIN, L.D.** 1982. Personality Assessment. 2<sup>nd</sup> ed. New York: John Wiley & Sons.

**LAURENCE, B., WILLIAMS, C., EILAND, D.** 2009. Depressive symptoms, stress, and social support among dental students at a historically black college and university. *Journal of American College Health*. 58 : 56-63.

**LERNER, R.M. & STEINBERG, L.** 2004. Handbook of adolescent psychology 2nd ed. New Jersey. John Wiley & Sons Inc.

**LEVY-WARREN, M.H.** 1996. The adolescent journey. Development, identity formation and psychotherapy. New Jersey: Jason Aronson

**LILIENFELD, S.O., WOOD, J.M. & GARB, H.N.** 2000. The scientific status of projective techniques. *Psychological science in the public interest*. 1(2) : 27-66

**MADDY, S.R. & COSTA, P.T.** 1972. Humanism in personology. Allport, Maslow, and Murray. New York: Aldine . Atherton, Inc.

**MATRANGA, J. T.** 1976. The relationship between behavioral indices of aggression and hostile content on the TAT. *Journal of personality assessment*. 40 (2) : 130-134.

**McMILLAN J.H. & SCHUMACHER, S.** 2001. Research in education. A conceptual introduction. New York: Longman.

**MEEHAN, K.B., UENG-McHALE, J.Y., REYNOSO, J.S., HARRIS, B.H., WOLFSON, V.M., GOMES, H. TUBER, S.B.** 2008. Self-regulation and internal resources in school-aged children with ADHD symptomatology: An investigation using the Rorschach inkblot method. *Bulletin of the Menninger Clinic*. 72 (4): 259-282.

**MULDER, J.C.** 1989. Statistiese tegnieke in opvoedkunde. Pretoria: Haum.

**MURRAY, H.A.** 1943. Thematic Apperception Test: Manual. Cambridge, M.A. Harvard University Press.

**MURSTEIN, B.I. & MATHEWS, S.** 1996. Projection on projective techniques = pathology: The problem that is not being addressed. *Journal of Personality Assessment*. 66 (2) :337-349

**MURSTEIN, B.I.** 1963 Theory and research in projective techniques (emphasizing the TAT). New York: John Wiley & Sons Inc.

**MURSTEIN, B.I.** 1965. Handbook of projective techniques. New York: Basic Books Inc.

**NEWMARK, C.S.** 1985. Major psychological assessment instruments. Boston: Allyn and Bacon Inc.

**NICOLSON, D & AYERS, H.** 2004. Adolescent problems. A guide for teachers, parents and counsellors. London : David Fulton Publishers.

**NIELSEN, L.** 1996. Adolescence. A contemporary view. 3rd ed. United States of America: Harcourt Brace College Publishers.

**NYBURG, L., HENRICSSON, L., RYDELL, A.M.** 2008. Low social inclusion in childhood: adjustment and early predictors. *Infant & Child Development*, 17: 639–656.

**OSBORN, C.** 1996. The feasibility of the Thematic Apperception Test for adolescent clients. *Measurement & evaluation in counselling & development*. 29 (1) : 48-55

**PHARES, E.J.** 1961. TAT performance as a function of anxiety and coping-avoiding behavior. *Journal of Consulting Psychology*. 25 (3): 257-259

**PIENAAR, E.** 1991. Die leefwêreld en identifisering van die weerbarstige leerling in die seniorsekondêre skool. Ongepubliseerde Med-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

**PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A.** 1993. Psigologie-woordeboek. 2de Uitgawe. Pretoria: McGraw-Hill.

**PLUTCHIK, R.** 2003. Emotions and life. Perspectives from Psychology, Biology, and Evolution. Washington D.C.: American Psychological Association.

**REUTTER, V.** 2009. Teen depression signs, symptoms and getting help. *School library Journal*. 55 (2) : 50-51

**RITZLER, B.A., SHARKEY, K.J. & CHUDY, J.F.** 1980. A comprehensive projective alternative to the TAT. *Journal of Personality Assessmen*. 44 (4) : 358-362

**ROSE, T., KASER-BOYD, N. & MALONEY, M.P.** 2001. Essentials of Rorchach assessment. New York: John Wiley & Sons, Inc.

**RUTTER, M. & HAY, D.** 1996. Development through life. A handbook for clinicians. United Kingdom: Blackwell Science Ltd.

**SANTROCK, J.W.** 2008. Adolescence. 12th ed. New York: McGraw-Hill.

**SCHAFFER, R.S.** 2004. Introducing child psychology. United Kingdom: Blackwell Publishing Ltd.

**SCHUBA, D.B.** 1992. Perceptions of self and others in girls from abusive and chaotic home environments. P.hD., Rush University: College of Nursing.

**SEMEONOFF, B.** 1976. Projective techniques. London: John Wiley & Sons.

**SMITH, P.K., COWIE, H. & BLADES, M.** 1998. Understanding children's development 3rd ed. USA: Blackwell Publishers Inc.

**STEINBERG, L.** 2008. Adolescence. 8th ed. New York: McGraw-Hill.

**STRYDOM, D.** 2003. Die implementering van 'n voorkomingsprogram teen die psigiese uitbrandingsindroom by hoëprofiel adolessente. DEd. verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

**TEGLASI, H.** 2001. Essentials of TAT and other storytelling techniques assessment. New York: John Wiley & Sons, Inc.

**VAN VOORHEES, B.W., PAUNESKU, D., GOLLAN, J., KUWABARA, S., REINECKE, M. BASU, A.** 2008. Suicide. *Annals of Family Medicine*. 6(6):503-511.

**VANE, J.R.** 1981. The Thematic Apperception Test: A review. Clinical psychology review. 1:320 -334

**ZUCKER, R.A, ARONOFF, J. & RABIN, A.I.** 1984. Personality and the prediction of behaviour. London. Academic Press, Inc.